Maak Jesus Wakker

Goeienaand. Soos altyd, 'n voorreg om in die huis van die Here te wees.

2 Ek was só verras om hierdie seun van Arkansas hier te sien, vriend van my. 'n Lang tyd gelede, ek dink die laaste keer wat ek jou gesien het, was bo in Kalifornië, was dit nie? My wêreld! Jy steeds in Kalifornië? Hier? Goeiste! Dink ek sal moet uittrek. Die hele ooste kom na die weste toe.

3 En, wel, almal gelukkig? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dis reg.

4 Wel, ek dink dit is nou omtrent ons sesde diens nou. Ons moet aangaan deur volgende week, en—en tot volgende Maandagaand. Nou, moenie Maandagaand by Tucson vergeet nie, die banket, en ons verwag 'n wonderlike tyd daaronder hierdie komende Maandagaand.

5 Ek het met Broer Williams en Broer Rose gepraat, vandag. En so het ek gesê: "Julle weet, ek gaan begin bid vir die siekes." Ek het gesê: "Ek hou daardie arme mense daar tot omtrent tien- of elfuur elke aand." Ek het gesê: "Ek skaam my regtig, om dit so te doen." En ek vra om verskoning om julle so lank te hou, maar ek kry julle nie so dikwels te siene nie.

6 En ek kan nie daardie verskoning maak nie, want ek vaar slegter as dit by die huis. Sien? Begin partykeer in die oggend, vroeg, en preek tot die middag en langer, of net wanneer ons gereedmaak om huis toe te gaan. En ons sit net rond, soos, net so na as wat ons kan wees, en hê net 'n lekker tyd so.

7 Lekker om hier te wees, Broer Groomer. Waar . . . [Iemand praat met Broer Branham—Red.] Ja. Ja. Dit was soort van weggesteek vir my. Was nie . . . Ek was verlede jaar hier toe ons aangekom het, was ons nie? ["Ja."] Ek het so gedink. Onthou die plek en die kerk. So gelukkig om hier te wees vanaand! God seën julle almal.

8 En nou verwag ons van die Here om—om—om vanaand die siekes te genees. Ons het soort van die program 'n bietjie gewysig, en ek gaan in die Boodskap in, om die Evangelie te preek, of wat ek probeer dink, die beste van my kennis. En ek—ek dan begin, weet ek net nie wanneer om op te hou nie. Ek hou net aan, en ek hou julle te lank. Dan, ek het gedink sou dit vanaand 'n goeie tyd wees, na soveel aande van prediking, net om nou te begin en vir die siekes te bid. So, vandag het ons soort van voorberei daarvoor en gewag op die Here. En ek het gisteraand begin oplet, die manier. Jy moet soort van gaan volgens die weg wat Hy jou

lei om te gaan, julle weet. Jy—jy voel iets jou beweeg, en dadelik sal visioene kom, en dan weet jy iets kom naby.

9 Dan, het ek vanaand ook uitgegaan, in die . . . ek was in die . . . my motel, en die Heilige Gees het gesê om in 'n sekere rigting te gaan. En daar was 'n swembad daarbuite. Ek het gedink, miskien het 'n klein kindjie verdrink. Ek het soontoe gegaan, net oorkant toe gekyk, en ek het 'n paar mense gesien. Hulle sit hier voor vanaand. Hulle weet dat dit die Here was Wat daar gekom het, en net wat Hy gesê het, net presies die ding was. So ek het toe geweet dit was tyd om te begin bid vir die siekes.

10 En nou gaan ons Hom nou nader, in gebid, voor ons Sy Woord nader. En julle is so 'n gawe gehoor. Julle het so goed opgelet elke aand. Ek weet sommige van julle moet partykeer vroeër opstaan en gaan. Ek weet dis nie net omdat julle wil uitloop nie. Julle moet busse haal. Julle moet werk toe gaan. Ek—ek besef dit.

En nou, kom ons buig ons hoofde net 'n oomblik vir gebed.

11 Nou, ek let op daar is net omtrent soveel wat daaragter staan, as wat daar is wat hierbuite sit. En ons wil . . . Ons weet dat God hulle versoeke sal beantwoord net dieselfde as wat Hy enige plek sal. Nou het julle 'n versoek? Maak dit bekend deur 'n opgeligte hand. God sal hoor.

12 Ons Hemelse Vader, ons kom nou in die Teenwoordigheid van Jesus in, in—in Sy Naam. En ons gaan na die troon van genade, om te vra om vergifnis van ons sondes, want, in die wete, dat ons U dag na dag faal. Elke uur van ons lewe, selde gaan een verby sonder dat ons moet stop, sê: "Here, vergewe my. Ek—ek het nie bedoel om dit net op daardie manier te doen nie. Ek moes dit op hierdie—hierdie ander manier gedoen het." Dan, weet ons, Here, dat U altyd so vol genade is en gereed is om U kinders te vergewe. U luister na hulle sagste uitroep. Ons is so bly dat ons 'n Advokaat het.

13 En, Vader, ons bid vanaand vir hierdie kerk, vir ons geliefde broer. Al hierdie jare hierrond, hom geken, en hom, sy karakter, 'n wonderlike dienaar van Christus bevind. Hoe ons U dank vir 'n man soos daardie! Ek . . . Dis so 'n voorreg, Here, om by hom en sy mense te wees, en om met hulle te assosieer, en om bymekaar te kom om gemeenskap te hê met hulle, rondom die Woord van God. Ons bid, Here, dat U sal inbeweeg op die hoë gety, vanaand, en hierdie seëninge sal—sal gee. So bly om ou vriende te ontmoet wat ek jare gelede geken het in die begin van die bediening.

14 En nou, Here, bid ons saam dat U ons sal seën soos ons onsself saam vergader het vanaand in Hemelse plekke in Christus Jesus. Ons is vergader vir daardie doel, Here, en ons bid dat—dat dat U ons behoeftes sal bevredig vanaand, en ons versoeke aan U sal beantwoord, om die siekes te genees, die verlorenes te red, en diegene wat mismoedig is, te bemoedig. Ons vra dit in Jesus Christus se Naam. Amen.

15 Nou, ons wil hê julle, wat wil, graag wil, moet vanaand blaai in die geseënde ou Woord, in die boek van Mattheüs se Evangelie, die 8ste hoofstuk. En ons wil begin lees vanaf . . . Stel vandag, uit Mattheüs, die 8ste hoofstuk, vanaf die 23ste vers.

16 Na die vertrek vandag, van Broer . . . of Broer Williams en Broer Jewel Rose vertrek het van waar ons was, ek . . . het ek gedink aan 'n geleentheid. En so het ek net oorgereik . . . Want, ons het pas gepraat, en die Heilige Gees het baie naby aan ons beweeg. So, net toe hulle weg is, het ek gedink: "O, goeiste! Nou sal Hy beslis spreek." En ek het in my gedagte 'n oomblik in die Bybel onthou wat plaasgevind het, vinnig soontoe geblaai. En ek het 'n paar Skriffies gekry wat daarby pas, en 'n teks daaruit geneem, 'n paar notas daaroor neergeskryf. Ek wil graag hierdie vir julle gee.

17 Eers, kom ons lees nou in Matthéüs, die 8ste hoofstuk, en begin by die 23ste vers.

> *En toe Hy in die skuit klim, het Sy dissipels Hom gevolg.*
>
> *En daar het 'n groot storm op die see gekom, sodat die skuit toe was onder . . . golwe; maar Hy was aan die slaap.*
>
> *Daarop kom Sy dissipels en maak Hom wakker en sê: Here, red ons, ons vergaan.*
>
> *En Hy sê vir hulle: Waarom is julle bang, kleingelowiges? Toe staan Hy op en bestraf die* wind *en die see, en daar het 'n groot stilte gekom.*
>
> *En die manne het hulle verwonder en gesê: Wat vir 'n mens is Hy, dat selfs die* wind *en die see Hom gehoorsaam is?*

18 Dis nogal 'n treffende klein teksie, of Skrif. Ek gaan 'n vreemde teks daaruit neem: *Maak Jesus Wakker. Maak Jesus Wakker.*

19 Dit moes 'n—'n moeilike dag vir Hom gewees het. Hy was moeg. Sy liggaam was vermoeid. Julle weet, soos Hy aangegaan het, het die mense God uit Hom uitgetrek. Hulle het hulle begeertes uit Hom uitgetrek. En toe hulle het . . . Ons sal nie in fynere besonderhede ingaan om dit te verduidelik nie, want daar is niemand wat dit kan doen nie. Hoe kan ons dinge verduidelik wat ons nie weet nie?

20 Dis waarom daar geen manier, hoegenaamd is, om ooit gered te word totdat jy gereed is om te aanvaar wat jy nie kan verduidelik nie. Sien? Jy moet glo. "Hy wat na God toe kom, moet glo dat Hy is." Nou, daar's geen manier om dit wetenskaplik te bewys nie, maar jy moet dit in elk geval glo. En as jy dit kon bewys, dan sal dit nie meer 'n geloofsdaad wees nie. En geloof . . . God het Homself so verberg totdat jy moet glo dat Hy is, sonder

om Hom te sien, weet dat Hy in elk geval daar is. Of jy dit sien, of nie, jy glo dit. Sekerlik glo jy dit, in elk geval.

21 Nou, ek dink dis wonderlik, en dit gee ongeletterde mense, soos ek, 'n kans, almal, om dit te glo, omdat ons dit hoor. "En geloof kom deur die gehoor, en die gehoor van die Woord van God." Dan aanvaar ons Dit, en glo Dit. En op die grondslag van ons geloof Daarin, word ons gered, genees. En wat ons ook al nog uit God trek, kom uit 'n onsigbare Bron.

22 Christene; die hele wapenrusting van Christendom is geloof. Alles wat ons het, is onsigbaar. Die enigste dinge wat eg is, is onsigbaar, onverklaarbaar. Die dinge wat verklaar kan word, is nie eg nie. Hulle is oppervlakkig en sterf. Maar die dinge wat nie verklaar kan word nie, is onsterflik, die hele sfeer. Kyk na die wapenrusting van Christendom. Liefde, watter deel van jou is liefde? Liefde, vreugde, geloof, verdraagsaamheid, sagmoedigheid, geduld. Sien? Nie een van daardie dinge, jy kan hulle nie sien nie. Hulle is onsigbaar, maar tog glo ons hulle. Liefde sterf nooit. Geloof is die—is die oorwinning. Ons glo dinge wat ons nie sien nie.

23 Nou, in Jesus was God. "God was in Christus, om die wêreld met Homself te versoen." En hierdie mense het Sy getuienis geglo. En hulle wat dit waarlik geglo het, kon God se seën uit Hom trek. En toe hulle so gemaak het, het Hy gesê: "Deug het uit Hom uitgegaan." *Deug* is "krag." Hy. . . Met ander woorde, as ons vandag sê: Hy het swak geword toe die mense uit Hom getrek het. Wel, as dit so gewerk het in daardie menslike liggaam, sal dit werk in 'n ander menslike liggaam.

24 En ons skep ons atmosfeer om ons, elkeen van ons. Jy was al by mense, wat gawe mense is, maar jy kon net kwalik by hulle uithou. Dan was jy al by mense wat jy net daarvan hou om by hulle te wees. Julle skep daardie atmosfeer. En, o, sou julle nie daarvan gehou het om net 'n bietjie by Jesus te gewees het nie? Wonderlik! Sien wat daardie atmosfeer wat Hy geskep het sou wees, ek veronderstel dit was net een groot bondel liefde, en respek, en goddelike vrees. Nou, ek het dikwels mense hoor sê. . .

25 Baie van julle, ek reken, het alreeds die bandopname gespeel van daardie laaste visioen daarbo, waarom ek nou hier in Arizona is. En dit was. . . O, goeiste! As julle dit kry, dis, *Watter Tyd Is Dit, Meneer?* En as julle dit kry, ooit 'n bandopname van ons gekry het, kry daardie een. Nou, hulle is nie myne nie. Hulle behoort aan 'n ander maatskappy wat saam met ons is, met die bandopname, en hulle is nie myne nie. So, maar, ek weet die seun het hulle.

26 En ek het nog nooit so-iets gehad wat gebeur het nie. Party van hulle sê: "Wanneer jy in die Teenwoordigheid van God is, waarom vra jy Hom nie *dit* of *dat* nie?" Dis—dis anders as wat julle. . . Sien, wat baie mense die krag van God noem, is net die

seëninge van God. Die krag van God is heeltemal verskillend van die seëninge van God. Die krag van God, in Sy Teenwoordigheid, jy weet net nie wat om te doen nie. Jy net . . . Jy's—jy's so . . . Jy's so bang dat jy oraloor gevoelloos is.

27 Daar's twee dae, selfs in my rug en die agterkant van my kop, en op-en-af in my liggaam, wat ek hoegenaamd glad nie kan voel nie. En net so totaal gevoelloos, met so 'n vrees, toe daardie konstellasie van Engele net hier gestaan het, nou, net gestaan, gekyk het na Hulle soos wat ek nou doen.

28 En as julle dink dit sou wees: "O, wel"? Nee. As jy regtig daar is en dit sien, is dit anders.

29 En nou, die Here Jesus, as Emmánuel, moes moeg gewees het. Krag het uit Hom uitgegaan. En Hy het 'n groot werk gehad wat vir Hom voorgelê het, die vorige dag, toe Hy oorkant aan die ander kant geland het, soos ons almal weet, want Hy het oorgegaan in Gadára in, en daar is waar Hy hierdie maniak gevind het. Hy het gedink, miskien, toe die skuit die Galiléa oorgesteek het, wat waarskynlik 'n hele tydjie geneem het, het Hy net die geleentheid gebruik om 'n ruskansie te neem. Dis niks minder as—as natuurlik nie, wat enigiemand sou doen.

30 En hulle het in die skuit ingeklim saam met Hom, en Hom aan boord gebring. En hulle het oor die see gegaan, om oorkant aan die ander kant te preek. En Jesus het hierdie wonderlike geleentheid gesien, as moeg en swak, omdat Hy menslik was. Hy was nie toe onsterflik nie. Hy was 'n Man en Hy moes sterf. Dis hoekom God 'n Man gemaak moes word, om te kon sterf. Nou, daar was Hy, en vaak en moeg. Sy dissipels het die roeispane opgeneem en die seil gespan.

31 In daardie dae, het hulle gehad, as hulle enige wind gehad het, kon hulle die skip laat laveer en—en dit kon met die seil waai. En partykeer, as dit te stadig was, tog het dit 'n bietjie gehelp, met die roei van die roeispane, sou hulle die roeispane neem en saamgaan daarmee. En met die seil, ook, kon hulle redelik vinnig vorder. Een het agterin gesit. Gewoonlik, op 'n groot skuit soos daardie, omtrent agt of tien man om dit te roei. Wel, hulle het 'n —'n roer gehad, en een man wat na hierdie roer omgesien het, in die agterkant, as dit geseil het. Dan, as dit geroei het, natuurlik, kon hulle die roer vasmaak en roei met hulle roeispane.

32 Nou, kom ons dink net hulle het die seil gehys gehad, want daar moes 'n bietjie wind gewaai het, vir wat naderhand gebeur het. En enigeen weet, daardie deel van Galiléa, of daar onderin, o, goeiste, enigiets kan op enige tydstip gebeur. En so was hulle op hulle pad, aan die oorseil.

33 En Jesus moes agtertoe gegaan het agter in die skuitjie, en opgekrul het, en gaan lê het in 'n hopie daaragter, sodat Hy net 'n bietjie rus kon kry en kon herstel van Sy verlies aan krag, vir Sy diens wat voorgelê het.

34 En die dissipels moes verheug gewees het onder mekaar, oor wat hulle Hom sien doen het. Dit moes 'n wonderlike tyd vir hulle gewees het, want hulle het—hulle het 'n tyd gehad, miskien getuig onder mekaar. En miskien het hulle 'n paar dinge bespreek wat hulle Hom sien doen het.

35 En nou, kom ons stop net hier vir 'n oomblik en luister na hulle bespreking. Hulle mag die—die plek bespreek het toe Hy iets soos hierdie gesê het: "EK IS WAT EK IS." Toe Hy gesê het . . .

Hulle het gesê: "Ons vaders het manna geëet in die woestyn, en was onder Moses."

36 En Jesus het gesê: "En hulle is, elkeen, dood." Daar's net twee wat die beloofde land bereik het, sien, Josua en Kaleb. "Hulle is almal dood. Maar Ek is die Brood van die Lewe wat van God af kom, uit die Hemel. 'n Mens mag hierdie Brood eet en nie sterf nie." Verander, dit was anders. Hoe kon Hy die Brood wees? Hulle mag daardeur gegaan het. En hulle mag gegaan het deur . . .

37 Omdat daar miskien vreemdelinge hier mag wees, vir die genesingsdiens, mag ek dit sê. Hulle mag gesê het . . . Nou, dit sou een ding wees waarop Hy aanspraak gemaak het, dat Hy die "EK IS" was wat in die brandende bos was. Want, hulle het gesê: "Jy is 'n man, nie ouer as vyftig nie, en jy sê jy het Abraham gesien. Nou weet ons jy's mal." Sien, *kranksinnig* beteken "mal." "En jy is nie ouer as vyftig jaar nie," toe Hy net dertig was. "Maar," gesê: "Jy's net omtrent vyftig jaar oud, en jy—jy het gesê jy het Abraham gesien? Nou weet ons jy is mal." Sien?

38 Maar Hy het gesê: "Voor Abraham was, IS EK." O, goeiste! Nie net vir Abraham gesien nie, maar: "Voor Abraham was, IS EK." En Hy is net soveel "EK IS" nou, as wat Hy toe was. Nou, onthou: "EK IS" is nie "Ek was," of "Ek sal wees" nie. "EK IS" is konstant, die heeltyd; dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. "EK IS."

39 En dan mag hulle gesê het: "Wel, nou, hier is een rede wat ons weet dat Hy Messias was. Want, Hy . . . Ons weet." Nou, Hy het nou klaar aan die slaap geraak. "En ons weet Hy moet Messias wees, want ons word deur die Skrifte vertel wat hierdie Messias sal doen wanneer Hy kom." Nou, dis goeie filosofie vir enigiemand, en goeie, gesonde, ortodokse doktrine.

40 Dis waarby ek probeer uitkom het gisteraand, bo by die ander, Mesa. Altyd, moenie volgens emosie oordeel nie. Oordeel volgens die Woord. Dit moet die Woord wees. Nou, hou die Woord dop en wat die Woord sê, weet dan dis reg, want God het dit gesê. Dit maak dit reg, nou.

En hulle het Hom nou geoordeel volgens die Woord.

41 Nou, om uit te vind of Hy Messias was, kan jy teruggaan na die man wat vir hulle die wet gegee het. God het dit vir hulle

gegee, natuurlik, maar Moses het dit van die berg af gebring, van God af. En hy het hulle vertel dat hy hulle eendag sou verlaat. Maar: "Die Here God sal 'n Profeet soos hy oprig, soortgelyk aan hom: 'n wetgewer, 'n—'n Koning-Profeet. En—en dit sou gebeur dat, elkeen wat geweier het om te luister na hierdie Profeet, uitgeroei sou word onder die volk." Nou, hulle het dit opgelet, toe Jesus gekom het.

42 En regdeur die Skrifte, het hulle 'n bevel gehad, die Jode het, dat: "As daar een onder julle is, wat geestelik of 'n profeet is, sal Ek, die Here, Myself bekendmaak aan hom in visioene. En as wat hy sê plaasvind, luister dan na daardie profeet, want Ek is met hom. Maar as dit nie plaasvind nie, moet dan nie na hom luister nie." Nou, dis net logies. Dis net verstandig.

43 Soos daar 'n man was eenkeer wat opgestaan het, Jeremia, 'n groot profeet. Die Here het vir hom gesê dat—dat Juda onder in Babilon sou wees vir sewentig jaar. Gesê: "Jy moenie na 'n dromer luister, na 'n profeet, of enigiets teenstrydig daarmee nie. Hy het 'n juk om sy nek gesit."

44 En Hanánja, nou, Hanánja was 'n profeet. En nie net dit nie, maar hy was die seun van 'n profeet. Sy pa was 'n profeet. En hy het opgekom, onder inspirasie, en daardie juk van sy nek afgehaal en dit gebreek, en gesê: "SO SPREEK DIE HERE, binne twee jaar kom hulle terug." Die mense kon hulle hande klap daaroor. Goeiste, dit was goed! Hulle wou na Hanánja luister, maar dit was teenstrydig met die Woord. Dit was nie volgens die Woord nie. Julle sien?

45 Daarom, Jeremia, hy het gesê: "Hanánja, amen, die Here gee dat jou woorde sal plaasvind. Maar, wag 'n oomblik, laat ons onthou daar was profete voor ons. En wanneer die profeet profeteer, en hy word geken. . .Die profeet word geken aan wanneer sy profesie plaasvind."

46 Ek sien sommige Indiaanse vriende wat hier sit. Ek het gelees in hulle geskiedenis, 'n rukkie gelede, in vroeë Christendae van die Indiaan. En hulle moes die wild volg, om te lewe. En as daar 'n profeet onder hulle gekom het, en hy het geprofeteer en vir hulle gesê het waar die wild was, het hy hoofman geword. Maar as hy 'n leuen geprofeteer het, was dit die einde van sy pad. Hulle het ontslae geraak van hom, sommer nou. Hy het nie langer gelewe nie.

47 Wel, dit was dieselfde grondslag waarvolgens God gewerk het. God het vir Jeremia gesê: "Hanánja het gelieg. Ek het dit nooit vir hom gesê nie." Sien, dis teenstrydig met sy Woord. "En hy sal binne 'n jaar van die aarde af wees." In die sewende maand het hy gesterf. Hy het hom van die aarde af weggevat. Nou, julle sien, alhoewel hy geïnspireerd was, maar dit was teenstrydig met die Woord.

48 Maak nie saak hoe kragdadig 'n prediker kan preek, hoe goed hy dit kan laat lyk nie, as dit teenstrydig is met die Woord, los dit uit. Bly weg daarvan, heeltemal.

49 Dis die Woord. Dis God se program, die volledige openbaring van wat Hy was, wat Hy is, en wat Hy sal wees. Dis 'n voortdurende openbaring van Jesus Christus. En 'n volledige openbaring van Jesus Christus, is hierdie Bybel. Enigiets wat teenstrydig met Hom geopenbaar word, wat sê wat Hy sal doen, wat Hy nou is: "O, dit was in die vergange dae," dit moet julle nie glo nie. Dit moet dieselfde Jesus wees, sien, en dis die Woord, nou.

50 Nou vind ons uit dat hierdie dissipels kon gepraat het oor die saak. Miskien mag Petrus gesê het: "Julle weet, ek het self gedink, dat ek onthou dat my pa vir my gesê het dat daar eendag 'n groot beroering sou kom. Hulle het altyd klein beweginkies gehad. Dit sal daar wees, voor die komende Messias, sal daar waarskynlik vals messiasse opstaan. Maar hy het vir my gesê: 'Seun, onthou hierdie een ding. Ons is Jode. Ons is God se uitverkorenes. En ons het 'n bevel van ons Hemelse Vader, dat, en weet dat daardie Messias 'n Profeet sal wees. En as die profeet net bekend is wanneer hy spreek, en wat hy sê plaasvind, so sal hy dan weet dat daardie die Messias is.'"

51 En toe Petrus opgestap het in Sy Teenwoordigheid, miskien op die uitnodiging van Andréas, sy broer, wat Hom gehoor het, en die dag gesien het toe Johannes Hom aangekondig het, en dit Hy was.

52 En Johannes, hy het die Gees gesien, hy het die Stem gehoor. Niemand anders het Dit gehoor of Dit gesien nie, net hy. Al die duisende wat daar gestaan het, niemand het Dit gesien behalwe Johannes nie. Dit is vir hom gestuur. "Johannes het getuig, dat hy die Gees van God sien neerdaal het, sien, en 'n Stem uit die Hemel."

53 Toe Paulus neergefel is deur 'n Lig wat hom verblind het, het nie een van die res van hulle die Lig gesien nie. Dit was so werklik, vir Paulus, dat Dit sy oë verblind het.

54 Die wyse manne het die Ster gevolg van Babilon af, die heelpad af. En hulle het tyd gehou, volgens die sterre. Oor elke sterrewag gegaan, en niemand het Dit gesien nie. Dit is vir die wyse manne gewys.

55 God kies wie Hy wil kies, doen wat Hy wil doen. Hy is God. En Hy sal nooit teenstrydig met Sy Woord wees nie. Altyd volgens Sy Woord, nou.

56 En Simon mag dit gesê het, julle weet, terwyl hy gebrul het. . . geroei het oor die. . . hierdie meer, en Hy wat agter in die skuit geslaap het. Hy het gesê: "Toe ek opgestap het in Sy Teenwoordigheid, en Hy vir my gesê het: 'Jou naam is Simon, en jy is die seun van Jona,' het dit dit afgehandel, vir my. Ek het toe

geweet daardie was waarlik die Messias, omdat Hy vir my presies die waarheid vertel het, sonder om my te gesien het."

57 Filippus kon die getuienis gehad het om vir Natánael te vind, en Hy wat vir hom vertel het waar hy was voordat hy gekom het. Hulle kon oor die vrou by die put gepraat het. Hulle kon oor blinde Bartiméüs gepraat het, wat Sy kleed aangeraak het deur 'n honderd tree van Hom af te gestaan het, miskien, en sy—sy geloof in God het Hom aangeraak. Die vrou wat die soom van Sy kleed aangeraak het! Al hierdie dinge het bewys dat Hy Messias was. Wat 'n wonderlike tyd!

58 Nou, toe, hulle mag die gesindheid van die mense teenoor Hom bespreek het. Nou hulle was. . . Hulle steek die meer oor, die heeltyd. Teenoor Hom, party het gesê: "Party het geglo. Party het nie geglo nie."

59 Dis dieselfde as wat dit vandag is. Party mense glo Dit. Nee, jy kon, maak nie saak hoe duidelik dit bevestig sou word nie, party sal Dit nie glo nie. En daar is party van hulle so geestelik, dat, die eerste klein knikkie, begryp hulle Dit. En ander kan geslaan word, dag en nag, en hulle begryp Dit nooit.

60 Laat my 'n oomblik stop, hiermee, en iets verduidelik. Sade wat in die grond val, as hulle vrugbaar is, groei hulle wanneer die son hulle tref, vogtoestand. Maar as hulle nie vrugbaar is nie, kan die son op hulle skyn, hulle sal net in elk geval wegvrot. Daar gebeur niks.

61 Ons is bevrug. Ons name is geroep, op die Lam se Boek van die Lewe geplaas, voor die grondlegging van die wêreld. Maak nie saak hoe godsdienstig ons is nie, dit het nie een ding daarmee te doen nie; partykeer is dit teen ons.

62 Ek voel tuis met so 'n goeie broer soos Broer Groomer hier, en hierdie ander broers hier. Ek—ek voel net om dit te sê.

63 Let vir Jesus op. Ons weet nou Hy was Messias. En toe Hy gekom het en Homself as Messias gewys het, aan godsdienstige mense, Fariseërs, Sadduseërs, almal van priesters, van die afstammelinge van Aäron, vir honderde en honderde jare. Hulle groot-groot-groot-groot-groot-groot-, ver terug, oupagrootjies, was priesters, wat die Woord bestudeer het, die profete bestudeer het. En die profete het duidelik hiervan gepraat. Maar toe Jesus gekom en dit gedoen het, was hulle so blind soos 'n vlermuis. Godsdienstig tot die punt, slim, intelligent, so intellektueel as wat hulle kon wees, ver bokant enigeen van ons vandag, opgelei in die Woord, grootgemaak van 'n kind af. En toe die regte Waarheid voor hulle verskyn het, en daardie Lig geskyn het, het hulle gesê: "Hierdie Man, ons kan dit nie kleinkry nie, so Hy moet 'n duiwel wees, Beëlsebub. Hy is 'n groot magtige verstand. Hy kan die mense se verstand lees." 'n Telepaat, sou ons dit vandag noem. Hulle het nie verstaan nie.

64 Maar kyk nou. Eendag, oorkant is Sigar, 'n klein dorpie Samaria, en Jesus het verbygekom en teen die muur gaan sit. En 'n klein vroutjie, berug, slegte naam; sy het 'n klomp mans gehad wat sy nie moes gehad het nie. En hier het sy nadergekom, om bietjie water te kry. En Jesus het vir haar gesê: "Gee vir my water om te drink. En bring water." En sy het vir Hom gesê dat hulle—hulle dit nie kon doen nie. Dit was nie reg nie. Dit was 'n belediging vir haar om . . . vir Hom om so-iets vir 'n Samaritaanse vrou te vra.

65 En Hy het haar vinnig vertel: "As jy geweet het met Wie jy praat!" Nou, sy het dit nie geweet nie. Gesê: "As jy geweet het Wie met jou gepraat het, sou jy vir My gevra het vir water."

66 Die onderwerp het vir 'n oomblik aangegaan. Naderhand, het Jesus, wat gestuur was daar bo na die put toe, vir haar gesê: "Gaan, kry jou man."

67 Sy het gesê: "Ek het nie een nie." Steeds was sy verblind, sien, want enige man kan 'n teologie leer, sien, of hy kan enige soort stelling maak. Hy kan sê wat hy ook al wil, dit maak dit steeds nie reg nie.

Hy het gesê: "Gaan, kry jou man."

Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie."

68 Hy het gesê: "Jy het die waarheid vertel, want jy het vyf gehad, en die een waarmee jy nou saamleef, is nie joune nie. Jy het die waarheid vertel."

69 Kyk hoe daardie Lig daardie kiem van die Lewe tref. Die plant het begin groei. Vinnig, wonderbaarlik, vinnig; hierdie prostituut, uitgeworpe, uitgeskopte, nie 'n opgeleide priester nie! 'n Vrou in 'n slegte lewe, maar sy was voorbestem tot die Ewige Lewe. En toe daardie Lig dit getref het, het sy dit vinnig herken.

70 Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Nou, ons het vir vierhonderd jaar nie een gehad nie, maar tog weet ons dat daar 'n Messias kom. En daardie Messias sal 'n profeet wees, en Hy sal vir ons hierdie dinge vertel." Sien, sy het geweet 'n Man wat dit vir haar vertel het, sou nie vir haar 'n leuen vertel nie.

71 En Hy het dit geweet. En Hy het gesê: "Ek is Hy, wat met jou praat."

72 Sy het nie nog 'n vraag gevra nie, maar, in die stad in, en gesê: "Kom, sien 'n Man!"

73 Kyk na die verskil. Sien, wanneer daardie Lig tref, sal dit óf verblind óf tot Lewe bring. Sien? Dit moet. Lewe, Bybel Skrif!

74 Nou, daar kon baie dinge gewees het waarvan mense kon praat. Party van hulle kon so gesê het: "Nog nooit het 'n mens soos hierdie Man gepraat nie." Party van hulle het geglo, gesê: "Hierdie Man het blykbaar 'n gesag. Hy blyk so seker te wees waarvan Hy praat. Ons het nog nooit 'n mens sien opstaan en

net sulke dinge kon sê nie. Ons het priesters hoor praat. Ons het rabbi's, priesters, en almal, alles gehoor, en lesings, ensovoorts. Maar hierdie Man praat met gesag. Hy weet waarvan Hy praat. Nog nooit het 'n mens soos daardie gepraat nie."

Party het gesê: "Hy's Beëlsebub."

75 Dit moes Johannes gewees het, 'n jong kêrel, julle weet, wat vinnig gedink het. Moes hy gewees het wat gesê het: "Dink net daaraan! Die Een wat vyf broodjies kon neem en twee vissies, en vyfduisend kon voed, amen; die Een wat die verborgenheid van die hart ken; Hy's by ons, in die skip. Ons het Hom net hier. Broers, julle getuig," mag hy gesê het: "maar die Een waaraan ons dink, Hy's net hier by ons."

76 Dis dieselfde ding net nou, die Een waarvan ons preek, die Een waarvan ons praat. Wat help 'n God van Moses, as Hy nie dieselfde God vandag is nie? Die Een waarvan ons praat, is hier by ons. O, wat 'n ding om aan te dink!

77 En dan, julle sien, hulle was ook op 'n gevaarlike meer. En wat 'n—'n gevoel van veiligheid, terwyl hulle oor die—die tornado-geaffekteerde meer geseil het, om te weet dat Een by hulle gelê het, op die skuit.

78 Hoe veilig kan jy wees! Wanneer die seë ontstuimig is, wanneer hulle nie ontstuimig is nie, maak net nie enige verskil nie. Solank jy weet Hy lê daar, watter verskil maak dit? Laat kom, laat gaan, wat wil, maak nie enige verskil nie. Dis daar. Ek weet dit. Jy sê: "Ek . . . Prys die Here!" Dokter sê jy gaan sterf aan kanker; sê net: "Glorie aan God! Vinnige reis Huistoe, miskien." Sien? Hulle gee nie om nie.

79 Gepraat, en 'n groep dokters, nou die dag. Hy het gesê—hy het gesê: "Ek het jou boek oor Goddelike genesing gelees."

Ek het gesê: "Ek reken jy het gekritiseer."

Gesê: "Nee, meneer. Ek erken dat jy reg is."

Ek het gesê: "Dankie, Dr. Schoen."

80 Hy het gesê—hy het gesê: "Broer Branham, ons het bewyse dat, wanneer ons 'n persoon vertel dat hy 'n kwaadaardigheid het, of—of iets hom gaan doodmaak, 'n maagseer gereed om te bars, of tuberkulose, hang dit af van watter gesindheid hulle het. As hulle baie ontsteld raak," gesê: "sterf hulle dadelik. Maar," gesê: "as hulle die gesindheid het: 'Wel, sterf is net deel van die lewe. Dis alles reg, wanneer ek sterf,'" gesê: "weet jy, dat dit amper daardie geval vertraag?"

81 Ek het net gedink: "As daardie gemoedsgesindheid, wat so geneem word, wat sal dit doen as die Heilige Gees daardie binneste man tref?" Daar is dit. Dis . . . Ek het vir hom dit gevra.

82 Hy het gesê: "Sekerlik, dis reg, as jy in 'n plek kan inbeweeg, kan opbeweeg daarin." Een van die beste chirurge en dokters wat

daar in die suiderland is, hy het gesê: "As dit is . . . Mnr. Branham, dit kan bewys word. As 'n man sal beweeg, kan opbeweeg tot in daardie plek, totdat sy eie verstand selfs nie eens weet hy het dit, om te dink hy het dit nie, en nie eers enige aandag daaraan skenk nie," gesê: "dit sou dit doen, as hy dit kon glo." Dis waar. Sien?

83 Die gemoedsgesindheid wat jy teenoor dit het, sal bring . . . Nou, die verstand sal dit nie doen nie. Maar as jy daardie gesindheid het teenoor iets wat Lewe daarin het, dan kom daardie Lewe af en doen dit. Nie jou gemoedsgesindheid nie; dit bring jou net in Sy Teenwoordigheid in. Dis wat jy doen, jou verstand. Die vyf sintuie is goed solank hulle God nie ontken nie. Maar wanneer hulle God begin ontken, dan los jy hulle uit. God beheer hulle. Dis die Skepper.

84 Nou, wat 'n veiligheid, soos ek gesê het, om oor hierdie gevaarlike see te seil, in die wete dat Hy reg in die skuit lê. Daar was iets wat daardie dissipels daardie aand was, soos wat ons vanaand is, hulle het die gevolge van 'n diens geniet; na die herlewing, gevoed op die resultate van die herlewing.

85 Nou, Broer Groomer, en broer hier, en baie ander. Omtrent vyftien jaar gelede het ons deur hierdie streek gekom, en daar was 'n herlewing. Goeiste! En weet julle wat doen ons vandag? Praat net daaroor. Die herlewing is verby. Dit is al lankal verby. Ons lewe net op die resultate daarvan, in afwagting.

86 En daardie dissipels het dieselfde ding gedoen, gejuig, gelewe van wat hulle gesien het wat gedoen is, waarskynlik die dag tevore, en die week tevore, en 'n jaar tevore. Hulle het getuig daarvan, o, groot getuienis daarvan gegee.

87 Hoe weet ons dat, soos Jesus gerus het in hulle dag tussen herlewings, hoe weet ons dat Hy nie nou miskien rus tussen die herlewings nie? Ja.

88 "O," sê julle: "nou, wag 'n oomblik, Broer Branham; raak 'n bietjie van die spoor af nou. Jesus hoef nie te rus nie."

89 Ja, Hy het. Die Bybel het gesê dat: "God het die hemele en aarde in ses dae gemaak, en op die sewende het Hy gerus." Het beslis. Hy het gerus. Jesus, wat moeg was, in die skuit gelê het, Hy was aan die slaap en het gerus.

90 En miskien, na die vermoeienis van die herlewing wat pas verby is, rus Hy miskien nou soos Hy toe het. Ek hoop dis dit.

91 En die dissipels was verheug oor wat hulle Hom sien doen het, sien, en geweet het Hy was by hulle.

92 Dis soort van soos die mens, verstand van 'n mens. 'n Verstand van 'n mens praat altyd van en juig oor wat God gedoen het, en hulle sê wat Hy gaan doen, en ignoreer wat Hy doen.

93 Hy was nie in werklikheid aan die slaap nie. Ons sal daarop ingaan, binne 'n paar minute. Sien?

94 Hulle sal glo wat Hy gedoen het, en daaroor skree. Hulle sal praat oor wat Hy gaan doen, en God verheerlik. Maar wat Hy net nou doen, dit ignoreer hulle. Dis net die natuur van 'n mens. Dis net soos hy dit doen.

95 Toe, terwyl hulle die seëninge van hulle gemeenskap geniet het, met mekaar, en, o, dit alles bymekaar gesit het, wat hulle gesien het wat gedoen is, het daar meteens moeilikheid gekom.

96 En dis net omtrent soos Satan, om dit te doen, sien, net wanneer jy 'n getuienisdiens of iets het. Baiekeer ek . . .

97 Hier nie lank gelede nie, was ek in 'n diens, net gereedgemaak om 'n altaaroproep te maak. En 'n ou kêrel het net omgeval op die vloer, so dood soos hy kon wees, sien, van 'n hartaanval. En die hele plek was in oproer. En ek vergeet . . . Dit was by Shawano, Wisconsin. Ek het gedink: "God, wat kan ek doen?" Ek het *hier*natoe gekyk, en ek het die ou man by die deur sien uitstap, in 'n visioen. Toe het ek geweet wat om te doen.

98 Nie lank gelede nie, met hierdie groot borg van Oral Roberts, dokter daarbo in Filadelfia, wat is daardie? Hy's 'n . . . Vergeet nou sy naam. Hy's 'n tandarts. Hy's 'n groot borg van sy televisieprogram. Ek kan nie aan sy naam dink nie. En ons . . . [Iemand sê: "Barton."—Red.] Barton. Ons het 'n diens gehou, en ek het net gereedgemaak om die altaaroproep te maak. En ek het opgelet 'n vrou tree baie vreemd op, en haar dogter het soontoe gehardloop, haar gesig begin vryf. Ek het gedink: "Wel, sy is geneig tot floutes." En meteens, het haar voete reguit uitgeskop, en haar hande het agtertoe gegaan soos *hierdie*.

99 Dr. Barton het soontoe gehardloop na waar sy was, haar pols geneem. Sy het nie enige gehad nie. Hy het opgekyk na my, sy kop geskud. Wel, ek het probeer om die mense se gedagtes te hou . . . Hulle het gesit, 'n groot skare. Dit af te hou daarvan, soos daardie, net aanhou praat. En so het hy gesê: "Gaan kry klein Branham." Dit was Billy. En Billy het daardie dooie vrou gesien. Hy het niks daarmee te doen gehad nie. Sien? Hy wou nie dit hê nie. Wel, net soos ek weer begin praat het . . . Nou, Dr. Barton, omdat julle hom ken, kan julle hom vra.

100 Weer begin praat, ek het gesê: "Nou, almal, moenie opgewonde raak nie. Bly stil." Partykeer, as jy 'n duiwel sien wat uit 'n persoon probeer uitkom, raak hulle so oneerbiedig, die skare word ontsteld. Dis die verkeerde ding om te doen. "Sit stil. Moenie opgewonde raak nie. Hy is hier."

101 En terwyl ek gepraat het soos daardie, ek weet nie hoe dit ooit gebeur het nie, maar omgedraai na haar en haar naam geroep: "Mary, kyk hier." En toe sy het, het sy tot haarself gekom, bygekom.

102 Sien, dis daardie moeilike tyd. Skielik kom daar moeilikheid op, reg in die tyd.

103 Nou, nou, julle kan Dr. Barton vra daaroor. Ek het hom die volgende dag ontmoet, en hy het gesê: "Broer Branham," gesê: "daardie vrou het geen hart gehad nie. Ek het dit hieronder op haar—haar bors geneem. Ek het haar hart in haar nek geneem, oral." Gesê: "Sy was weg." En, toe, hulle was 'n baie ryk familie, en dit was die eerste keer wat sy ooit in 'n diens soos daardie was. En sy . . .

104 Ek het gegaan, hy het my bo na haar huis toe geneem, en sy het gesê: "Ek het jou my naam hoor roep." En ek het die vrou nog nooit in my lewe gesien nie, maar dit was die Heilige Gees. Sien?

105 Nou, meteens, het daar moeilikheid opgekom. Die skuit het begin rol. Die branders het hoog geword. En, die seil, die wind het waarskynlik afgekom in 'n kwaai vlaag en dit reg van die maspaal afgeruk. En die skuit het oorgerol, en die groot branders het wit kruine gemaak en water in die skuit gegooi. En die skuit het vol water begin raak. Moeilikheid! Alle hoop op oorlewing was skynbaar weg, hoewel hulle Hom soveel dinge sien doen het. Hulle het dit gesien, maar, toe die moeilikheid begin het, was alles vergete.

106 Ek wonder of dit nie net omtrent die geval is vanaand nie. Ons weet wat ons God sien doen het in hierdie herlewing. Julle predikers weet dit. Julle het Sy—Sy krag gesien. Sy, hoe Hy die dooies opgewek het; doktersverslag. Hy het die dinge voorspel wat gebeur het, op die kop. Hy het die siekes genees. Duisende der duisende is genees, rondom die wêreld. Maar nou, terwyl die klein stiltetjie kom, en dan wanneer moeilikheid kom, vergeet ons dit so vinnig?

107 Net soos Israel, toe Hy al die plae in Egipte gedoen het, en die groot dinge gedoen het wat Hy gedoen het. Toe, toe hulle by die Skelfsee gekom het, moes Moses uitskree: "Julle het tien wonderwerke gesien, en steeds twyfel julle aan God?" Toe hulle geen water by die ou watergat kon vind nie, het hulle gemurmureer, gekla. Dis net menslike wese. Hulle het al die wonderwerke vergeet wat Hy gedoen het. Sien? Ons doen dit, ook.

108 Miskien het hierdie dissipels dit alles gekry, as gevolg van die tyd van probleme. Nou wanneer ons kry 'n . . . Hulle het in 'n moeilikheid beland waarvoor hulle geen oplossing kon vind nie. Solank ons 'n oplossing kan vind, hou ons reguit daaraan vas. Maar hulle het in 'n moeilikheid beland waarvoor hulle nie die oplossing kon vind nie, en hulle het bang geword. Hulle het uitgeroep. Hulle was bang toe hulle geen oplossing gehad het nie.

109 Ek het myself belowe ek gaan die kerk hier uitkry teen negeuur. So, ek kon net 'n lang tyd daarop bly, maar ek—ek probeer net om die hoogtepunte te kry, waar julle kan sien.

110 Broer, daar is baie probleme vanaand waarvoor ons geen oplossing het nie. Ek het 'n ry, lys hieronder, nasionale probleme.

Hulle kan geen oplossing kry nie. Hulle weet nie hoe om dit te doen nie. V. N.'s, Gemenebes, en al hierdie praatjies, dit word die heeltyd erger en erger.

111 Daardie aand in Finland, toe daardie seuntjie dood is daar in die straat daardie dag. Die burgemeester van die dorp het dit laat neerskryf, en dit laat teken met sy seël. 'n Visioen daarvan gesien, jare tevore. Toe ek deur Arizona hier gekom het, julle daarvan vertel het: "Daar sal 'n klein seuntjie wees wat uit die dood opgewek word, en hoe hy sou lyk." Julle onthou dit almal, baie van julle. Nou, dit het net so gebeur. Ek het julle gesê dit sou verskyn in *Die Stem Van Genesing*. Dit het, omtrent twee jaar later, of drie. Sien? Nou, almal van hulle ontsteld, en al daardie aanganery, en daar was 'n oplossing. God het die oplossing gehad, en Hy het die seuntjie genees.

112 Daardie aand, in die straat afgegaan in Kuopio. En toe ons in die straat afgegaan het, het omtrent ses van hierdie klein Finse seuns. . . Hulle het net pas daardie oorlog gehad, en daardie kêreltjies het nog nooit eens geskeer nie. Dit was—dit was. . . Dit was seuntjies wat hulle in die weermag moes neem. Daardie Russe het hulle doodgemaak. En hulle het daar afgegaan, met hierdie ou lang, bajonette, die skare beheer, terwyl ek afgegaan het na wat hulle die Messuhalli noem, waar hulle omtrent vyf-en-dertigduisend inlaat, hulle dan laat uitgaan, my dan met nog vyf-en-dertigduisend of veertig laat praat.

113 En langs die straat, daar het Russiese soldate gestaan. En toe ek verbygestap het, met 'n Russiese saluut, en trane wat teen hulle wange afgeloop het. En toe ek verbygegaan het, het hulle daardie Finse soldate gegryp en hulle omhels. Broer, enigiets wat 'n Rus 'n Fin sal laat omhels, of 'n Fin 'n Rus sal laat omhels, sal oorloë besleg. Hulle het oor die ding gegaan wat oorloë besleg, maar hulle sal nooit die oplossing bereik deur mensgemaakte prestasie nie.

Dis alreeds gemaak. 'n Man het gesterf vir daardie doel.

114 Die kerk het probleme waarvoor hulle geen oplossing het nie. Hoe gaan al die Metodiste al die Baptiste kry om Metodiste te word? Ek wonder net. Hoe gaan al die Gemeentes al die Eenheid Gemeentes laat word, of die Gemeentes omgekeerd? Hoe gaan al die Pinksters al die Presbiteriane, Lutherane wen? En hoe gaan die Katolieke die hele ding neem? Sien? Hulle kan dit net nie uitdink, watter een van hulle gaan regeer nie. Sien? Hulle weet nie. Hulle het nie die oplossing nie. Goed.

115 Maar, het julle geweet, hulle het nie die oplossing gehad om daardie storm te stop nie, maar die oplossing het daar gelê.

116 En laat my dit vanaand sê, broer. In al ons probleme, het ons steeds die Oplossing. *Hier* is dit, want Hy is die Woord. Dit lê net *Hier*, en Sy Gees is net hier om Dit te manifesteer. So, ons het die Oplossing. Maar ons probeer ander dinge vind, om nog 'n

organisasie te begin. Dis ons. Sien? Ons kan dit nie bemeester nie. Dis alreeds bemeester. Ons versuim net om in die weg te wandel wat vir ons bemeester is.

Maar hulle was ontsteld.

117 "As hulle 'n genesingsdiens onder by Groomer-hulle gaan hou, wel, jy weet daar is iets omtrent daardie mense waarvan ek nie hou nie. Hulle is holy-rollers. Ek gaan nie soontoe nie." Wel, daar het jy dit. Sien? Daar's dit. Dis net hoe dit is. Sien? Ja. Dis . . .

118 Maar Christus is daardie Oplossing. Hy's die ding wat dit kan maak. Sy dissipels beland vandag in baie probleme, en ken nie die Oplossing nie. Dis reg.

119 En laat my dit sê. Baiekeer beland Sy kosbare heiliges ook in die moeilikheid, fisiese probleme, maar hier het ons die Oplossing. Amen. Ons het die geneesmiddel.

120 Dink aan hierdie vrou wat hier sit met longprobleme, dan; hierdie suurstof, hoor haar dit inasem. Ek dink aan hoe daardie arme ding in die nag slaap. Dink aan die onkoste wat dit is. Suster, daar, ek ken die Oplossing. Dis *Hier*. Jy hoef dit nie te doen nie. Maar jy moet Dit gebruik. Sien?

121 Nou, die dissipels beland in fisiese moeilikheid, moeilikheid waarvoor die dokters nie die oplossing het nie.

122 Net soos daardie dissipels, hulle het probleme gehad. Hulle was dissipels, en hulle het—hulle het probleme gehad wat die navigators nie kon oplos nie. Hulle . . . Niemand kon dit oplos nie, maar die Oplossing het net daar gelê.

123 En jy mag 'n probleem hê vanaand wat die dokter nie kan oplos nie. Maar ons het Hom net hier nou, soos hulle het. Hy's net hier. Dis reg. Ons, soos daardie mense, ons het vergeet Wie hierdie in die skuit is. Dis nie net 'n kerk nie. Dis nie net reëls wat ons volg nie. Maar dis die Skepper van hemele en aarde. Hy mag nou rus na 'n herlewing. Hy het een gestuur. Mag rus.

124 Hy het nog een gehad wat vir Hom voorgelê het, die volgende dag, 'n maniak moes genees word. Maar, op daardie tyd, het Hy gerus, en probleme het begin. En Hy was aan die slaap, gerus. Maar hulle het vergeet Wie Dit was, sien, in die beroering. "Wel, ek weet, maar trek aan *daardie* roeispaan, Simon. Andréas, harder aan *daardie* roeispaan! Wat gaan ons doen?" Sien? Daar is dit.

125 Waaroor is jy verbouereerd? "Dokter het *dit* gesê. Dokter het *dat* gesê." Wel, miskien het hy. Miskien is die man reg. Dis wat hy gesê het. Maar, wat sê Hierdie? Dis die volgende ding. Sien?

126 En nog iets. Nadat hulle Hom geken het soos hulle het, moes hulle geweet het dat 'n Man, wat die gedagtes kon vertel wat 'n man gedink het, en die einde van die begin af geken het, in elk geval sou geweet het dit sou gebeur. Amen. Nou, moenie, moet dit

nie mis nie. Hy het geweet dit sou gebeur. Ek twyfel baie sterk dat Hy geslaap het. Maar Hy het geweet dit sou gebeur. Hy was God, en God is oneindig, so Hy het geweet dit sou gebeur. En Hy het geweet wanneer dit sou gebeur. En dit het net gebeur, om hulle geloof te toets. Het Hy nie later so gesê nie?

127 En dis miskien waarom jy siek is vanaand. Dis waarom die stilte in die herlewing is, om te kyk wat jy gaan doen aan wat jy gesien het wat gedoen is. Gaan jy dit optel, nog 'n organisasie daaruit maak?

128 Die God wat op die toneel gekom het, toe hierdie suster, wat hier sit, hulle haar in die ry ingebring het, hieronder by daardie klein, Mexikaanse kerkie daardie dag, kanker in die hart. Haar dokter het die x-straal. Haar man sit daar. Hulle het gesê: "Daar's 'n dooie vrou in die ry."

Ek het gesê: "Bring haar nader." Ek was seker Hy was daar.

129 Suster Waldrop, dit was 'n lang tyd gelede, sestien jaar. Sien? Sterwend, aan kanker! Onthou, daardie selfde God is steeds in die skuit. Moenie verbouereerd raak nie. Daar's 'n getuienis wat Phoenix, die Maricopavallei, of die wêreld, onderstebo kan draai, een van tiene van duisende.

130 Hy is steeds hier. Maar ons raak heel verbouereerd, sien, soos hulle het. "O, goeiste! Trek aan *hierdie* roeispaan. Wat gaan ons volgende doen?" Nou, moenie daaraan dink nie. Solank Hy in die skuit is, vergeet daarvan. Sekerlik. Nou, Hy het dit net gedoen om hulle geloof te toets. En sê die Skrif nie vir ons dat: "Hierdie beproewinge op ons geplaas word, en kosbaarder as goud vir ons is nie?" Ons dink nie so nie, maar die Bybel is reg.

131 Kan julle julle voorstel dat Job dit geniet het om uitgeslaan te wees in swere, en al hierdie dinge weg was, al sy rykdom en sy kinders verloor het, en alles? Dit was nie baie maklik nie, maar God het aan Satan bewys dat Hy iemand gehad het waarin Hy vertroue kon stel. Miskien probeer Hy dieselfde ding doen in jou geval, en die res van julle. "O, hulle sal U verlaat. Hulle sal . . ." O, nee. Job, hulle kon Job dit nie laat doen nie. Nee, meneer. Sien? Hy probeer hulle net bewys.

132 Onthou, binne 'n paar minute, het Hy gesê: "O, julle kleingelowiges. Kon julle nie die breek van die brood en die voed van die vyfduisend verstaan nie? Weet julle nie Ek is dieselfde Jehova wat hulle vir veertig jaar daarbuite in die woestyn gevoed het, uit oonde, uit die Hemel, toe Ek dit elke aand uitgestort het nie? Waarvoor is julle so bang? Weet julle nie dat Ek eendag die Skelfsee opgedroog het nie? Weet julle nie Ek het die aarde oopgemaak en die ongelowige ingesluk nie? Eendag het Ek die aarde gemeet en dit afgespuit, uit in die buitenste ruimte." En Hy is in die skuit. Nou, dis nie mities nie. Dis waarheid. Ja.

133 Dieselfde nou. Hy probeer ons bewys en kyk waar ons sal staan, of nie. Neem 'n herlewing weg, en begin 'n argument in

die kerk, net te kyk wat jy sal doen. Laat Satan los onder julle, onder, om te kyk hoe jy sal staan. Laat hom jou met iets tref, om te kyk watter soort stand jy sal inneem. Job het gesê: "Al maak Hy my dood, sal ek Hom steeds vertrou." Amen. Amen. Daar's dit.

134 Sádrag, Mésag, en Abednégo, het gesê: "Ons God is in staat om ons van daardie vuur te verlos, maar ons sal in elk geval nie opgee nie." Sekerlik.

135 Maar ons raak heel verbouereerd, julle weet, soos hulle het, die dissipels. Hulle . . . Ons is menslik, net soos hulle was.

136 En Hy het bewys Wie Hy was, en toe, steeds, nadat Hy bewys het om die God van die skepping te wees. Hy was die Skepper. "Hoe het Hy? Wel, sê vir my wat Hy losgelaat het, om daardie brood te bak en daardie vissies gaar te maak." Wel, Hy—Hy het nie net die vis geskep nie, maar Hy het die vis terselfdertyd gaargemaak. Dis die waarheid.

137 Waar het daardie manna vandaan gekom, uit die Hemel, letterlike kos wat mense lewendig gehou het vir veertig jaar? Brood, het uit die Hemel geval. Waar het Hy dit gekry?

138 Waar het daardie kraaie daardie vleis en brood gekry, om Elía mee te voer? Die intelligensie van 'n kraai, om 'n bietjie vleis gaar te maak, en 'n koei dood te maak en dit te slag, en dit gaar te maak en biefstukke te maak, en dit op brood te sit en dit te bak, en dit vir Elía te bring.

139 Hy is God. Ons dit nie glo nie, dan is ons ongelowiges. Dis al. Ons moet glo.

140 Dis wat Abraham gedoen het: "Enigiets teenstrydigs daarmee genoem asof dit nie eens gebeur het nie." Maak nie saak hoe oud hy geword het, of hoeveel nie, hy het God net aanhou prys vir die belofte, aangegaan daarmee.

141 Nou, Hy het bewys wat Hy was, deur Sy Woord en die tekens het bevestig. Hy het gesê: "As Ek nie die werke doen wat van My geskryf is nie, moet My dan nie glo nie." Sien? Nou, daar is waar jy dit begryp. Ek vertrou dat julle baie diep dink hier. Sien? Hou altyd daardie Woord dop.

142 Dis waarmee—dis waarmee Satan vir Eva aangeval het, in die tuin van Eden, en haar daaruit geredeneer het, deur redenasies.

143 Maar toe hy teruggekom en Christus aangeval het, het hy die dinge reguit weer teruggegooi na Hom. Hy het gesê: "As u die Seun van God is, nou wil ek graag 'n wonderwerk sien. U weet, ek het nog nooit een gesien nie. Ek wil hê u moet verander hierdie . . . U is honger. Maak brood uit hierdie klippe."

144 Hy het gesê: "Daar staan geskrywe . . ." O, goeiste! Daar het julle dit. Bo-op die spits van die tempel: "Daar staan geskrywe . . ." Bo-op 'n hoë berg: "Daar staan gekrywe . . ." Reg by daardie Woord gebly, en die ou kêrel reg in die plek gesit waar hy behoort het.

145 Nou, hy het vir daardie kêrels gesê, wat Hom nie geglo het nie, gedink het Hy was 'n waarsêer of—of een of ander soort van 'n—'n—'n Beëlsebub, 'n duiwel, onder spiritualisme, dat Hy die gedagtes van die mense se harte geken het, en dinge, dit probeer doen het. Hy het gesê: "Watter een van julle kan My van sonde veroordeel?" Weer gesê: "As julle My nie glo nie," gesê: "ondersoek die Skrifte, want in Hulle dink julle het julle Ewige Lewe; en hulle is die ding, hulle is Dié wat van My getuig. Hulle is die ding wat My bediening maak wat dit is." Sien wat ek bedoel? "Hulle is dié wat getuig van My." Sien? Verwys (waarna?) weer reguit terug na die Skrifte. "Hulle is dié wat van My getuig. Hulle sê vir julle Wie Ek is." Amen. Glorie aan God!

146 Die Skrifte vertel jou of jy 'n gelowige is of nie. Die Skrifte vertel jou of jy oplyn of nie. Dis hoe jy 'n man ken, aan sy getuienis. Nie wat hy sê *hier*mee nie, maar hoe hy oplyn met die Skrif. Waar. Dis hoe jy dit weet.

147 Jesus het hulle uitgenooi om dit te doen. "As Ek nie aan elke kwalifikasie voldoen het van die Messias nie, sê julle My dan waar Ek dit gemis het." O, goeiste! Dis goed. Is dit nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] "Sê My waar Ek dit gemis het, as Ek nie aan die kwalifikasie voldoen het nie, as Ek nie presies gedoen het wat die Skrifte gesê het Ek sou doen nie."

148 O, Christen, as ons onsself kon oplyn daarin, doen wat die Skrif sê 'n Christen moet doen!

149 Hulle moes geweet het Hy was die God van die skepping. En kon . . . Hy was die einste een wat die water en die wind geskape het. Hulle moes dit geweet het. En as hulle geweet het Hy was dit, het hulle nie verstaan dat hierdie skepping van die skepper sou Sy Woord moes gehoorsaam, o, goeiste, as Hy dit geskape het nie? Wie is die grootste, die skepping of die Skepper? Soos Jesus gesê het: "Wie is die grootste, hy wat gestuur is, of Hy wat hom gestuur het?" Uh-huh. Sien? Wat is die grootste, die skepping of die Skepper? Die Skepper. En hulle het gesien, en Hy het bewys, dat Hy daardie Skepper was. En dan, as Hy daardie Skepper was, kon, sou Sy skepping Hom nie gehoorsaam nie?

150 Laat ons ook onthou dat Hy ons liggame geskape het. Sal ons liggame nie Sy bevel gehoorsaam nie? "Spoeg daardie kanker uit," sê Hy vir die liggaam, en daar gaan dit weg. Jy neem net daardie Woord en plant Dit hierbinne en kyk wat gebeur. Sekerlik. Ja, meneer. Ons liggame moet Sy bevel gehoorsaam.

151 Jy sê jy's 'n Christen. Ek glo jy is. Jy glo. Waarin berus jy? Eendag sal Hy ons liggame opwek, nadat hulle absoluut, totaal vergaan het. As jy dit nie glo nie, waarom gaan jy kerk toe? Sien? "As daar geen opstanding is nie, is ons nie, onder mense, die ellendigste nie?"

152 Maar Sy Woord van belofte: "Hy wat in My glo, hy sal lewe, al het hy ook gesterwe. Amen. Ek is die opstanding en die Lewe.

Amen. Hy wat My vlees eet en My Bloed drink het Ewige Lewe, en Ek sal hom oprig, die laaste dae." Waarom? Die liggaam, die as, die vulkaniese as waaruit ons gemaak is, gehoorsaam Sy bevel, want Hy's die Skepper daarvan.

153 Die Lewe wat in ons is, is nie net 'n skeppende Lewe nie, maar dis deel van Sy eie Lewe. Dis hoekom ons die gesag het om te praat met 'n duiwel, want dis God se eie skeppende Lewe, as jy gesalf is. Korrek. Nie jy nie, dis nie jy wat spreek nie, maar die Vader wat in jou woon. Sien? "Moenie julle kwel oor wat om te spreek nie, want dit sal vir julle op daardie tyd gegee word." Gaan net aan, bly daarby. O, ek hou daarvan!

154 Na die dissipels hulleself bevind het aan die einde van hulle pad, moes dit tot party van hulle deurgedring het, dat Hy steeds by hulle was. Na hulle aan die einde van die pad gekom het, moes dit tot iemand deurgedring het: "Wel, hier het ons tog nou hierdie getuienis hier gegee. Daar lê Hy, net daar. Sien? Hy neem net 'n ruskansie tussen herlewings. En hier stry en baklei ons, en bekommerd, en ontsteld, en in vertwyfeling, en bang, en alles. En die Skepper lê net hier in die skuit." O, goeiste!

155 O God, laat dit weer tot party van ons deurdring. Laat dit gebeur, Here, dat dit deurdring, dit kan deurdring tot ons.

156 Dis die einste God wat jou geneem het, en jou geskei het van jou moeder. Die einste God wat vir jou die Heilige Gees gegee het! Hy is net soveel God nou, as wat Hy was toe—toe Hy—toe Hy vir jou die Heilige Gees gegee het. Hy is net so na aan jou, as wat Hy net toe was. Net presies. Julle moet onthou, Hy's altyd daar, altyd. Dis reg.

157 Dit het deurgedring tot sommige van hulle dat die Skepper saam met hulle in die skuit was.

158 Ek wonder vanaand of die siek mense, siende dat ek met die siekes gaan praat binne 'n oomblik, of dit kan deurdring tot julle dat die einste God waarin julle vertrou, die Skepper van hemele en aarde, Wat jou liggaam gemaak het, net hier is. Hy is net so groot vanaand as wat Hy ooit was. Hy's God. Hy kan nie kleiner word en ooit God bly, solank Hy God is nie.

159 Jy sê: "Is dit waar, Broer Branham? Is dit die Skrif?"

160 Hebreërs 13:8: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Ja. Hy's dieselfde.

161 So, wat moet ons pleidooi wees vanaand, Broer Groomer, Broer Noel? Wat is ons pleidooi? Maak Jesus wakker. As daar probleme is, kom ons—kom ons kry Hom op die toneel. Amen. Maak Jesus wakker, want ons het Hom by ons. Hy's met ons, natuurlik is Hy, net soos Hy altyd was. Hulle het so pas die Skriftuurlike Woord, wat God van Hom gespreek het, gesien bevestig word deur Hom. So het ons.

162 Julle weet, op die Pinksterdag, het Petrus, geïnspireer deur die Heilige Gees, daar opgestaan. En die mense het almal gelag, daardie handjievol Jode daarbuite bespot, wat gehakkel, en gespoeg, en gekwyl het, en opgetree het soos 'n klomp dronk mense. En daardie groot godsdienstige mense wat daar staan, het gesê: "Wel, hierdie mense is vol nuwe wyn."

163 En Petrus het opgestaan, en hulle is in hulle hart getref toe hulle daardie preek gehoor het wat daardie prediker gepreek het. Hy het regtig die Evangelie neergelê. Hy het gesê: "Julle manne van Judéa, en julle wat in Jerusalem woon, laat dit bekend word aan julle, en luister na my woorde. Diegene is nie dronk, soos julle dink nie, want dit is nog maar die derde uur van die dag. Maar hierdie . . . " "Miskien"? Nee. "Dit is wat deur die profeet Joël gespreek is. 'Dit sal in die laaste dae plaasvind, spreek God, dat Ek My Gees op alle vlees sal uitstort: op My seuns en My diensmeisies en diensmaagde sal Ek My Gees uitstort. Ek sal wonderwerke bo in die hemele gee, en vuur en rook. En—en op My diensmaagde, en hulle sal profeteer; en julle ou manne sal drome droom, en julle jongelinge sal gesigte sien.'" Reg?

En hulle het gesê: "Wat kan ons doen? Hoe kan ons Hierdie kry?"

164 Hy het gesê: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van julle sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang." En ons is deur ander vertel dat dit dit beëindig het. Maar hulle, dis . . . As jy daar stop, sou dit dit beëindig. Maar gaan aan, wat Hy gesê het. "Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, dié wat die Here onse God sal roep."

165 Ten aanskoue van 'n koue denominasionele wêreld, bewys ons dis die Waarheid. Amen. As daardie deel van die Woord waar is, is die res Daarvan waar. Ja. Hulle het die Skrif bevestig sien word deur Hom. Ons het, ook.

166 Dit was nie moeilik om Hom op die aksietoneel te roep nie. Dis baie maklik om Hom te roep. Hou Hom dop as Hy tot aksie oorgaan, egter. Dis waarvan ek hou, om Hom dop te hou wanneer Hy in die skare mense inkom. Hou Hom dop wanneer Hy . . .

Hulle het gesê: "Meester, ons vergaan."

167 Hy het Sy oë gevryf, gesê: "Julle kleingelowiges, waarom het julle getwyfel? Het julle nie alles gesien wat Ek gedoen het nie? Het . . . Het—het die Skrif My nie bewys nie? Al die Skrifte het na My gewys. En julle het die heeltyd gesê, julle het My geglo. 'Ja, Here, ons glo U. Ons sal *dit*, *dat*, of die *ander* doen.' En wanneer die probleempie kom, dan loop julle."

168 Is dit nie ons vandag nie? Is beslis. Reg. Ja. "Julle het gesê julle glo My, maar waarom het julle nie? Waarom het julle getwyfel?"

169 'n Vrou het vir my gesê, 'n tyd gelede. Ek mag ge-. . . dit hier op 'n tyd gesê het. Dit kan herhaal word. Sy was 'n Christen Wetenskap. En sy het gesê: "Broer Branham, ek—ek waardeer jou opmerkings wat jy van die Skrif sê. Maar," gesê: "daar's net een fout wat jy het."

170 Ek het gesê: "Dankie. Net een? Goeiste!" Ek het gesê: "Ek het beslis genade ontvang van jou."

171 En sy het gesê: "Hierdie fout is, dat, jy te veel oor Jesus spog."

172 Ek het gesê: "O, goeiste!" Ek het gesê: "As dit die enigste fout is wat ek het, hoop ek God voel—voel ek het net een fout wanneer ek daar kom. En as dit die enigste een is, is ek seker ek gaan in." Ek het gesê: "As ek tienduisend tonge gehad het, kon ek nie genoeg oor Hom spog nie. Maak nie saak wat ek sou sê nie, ek kon nie genoeg oor Hom spog nie."

173 Sy het gesê: "Maar, Broer Branham, jy maak Hom Goddelik. Jy maak Hom God."

174 Ek het gesê: "Hy was, en Hy is. En as Hy nie was nie, was Hy die grootste bedrieër wat die wêreld ooit gehad het." Dis reg.

Sy het gesê: "O! Moenie . . . "

Ek het gesê: "Glo jy dit nie?"

175 Sy het gesê: "O, Mnr. Branham, ek glo Hy was 'n leraar." En gesê: "Ek glo Hy was 'n profeet, maar Hy was net 'n gewone profeet soos die res van hulle."

Ek het gesê: "O, goeiste! O! Jy's so verkeerd."

Sy het gesê: "Ek sal dit vir jou bewys."

Ek het gesê: "Hoe?"

176 Sy het gesê: "In die Skrifte, toe Lásarus. . . Johannes, die 11de hoofstuk, toe Lásarus gesterf het, het die Bybel gesê, dat: 'Jesus gehuil het.'" En sy het gesê: "Hoe kon Hy Goddelik wees en huil?"

177 Ek het gesê: "Dit was die Menslike deel wat gehuil het. Dit was die Mens. Die onsterflike deel was binne-in. Dit was God in Hom."

Sy het gesê: "Ag, onsin!"

178 Ek het gesê: "Ek wil vir jou iets vra. Toe, daardie aand op die skuit, Hy was 'n Mens wat daar gelê het, aan die slaap. Dis waar. Hy was aan die slaap en moeg, soos 'n mens. Maar toe Hy Sy voet op die rand van daardie skuit kon sit en sê: 'Swyg, wees stil,' en die wind en die golwe het Hom gehoorsaam. Hy mag 'n Mens gewees het, wat huil, maar toe Hy gesê het: 'Lásarus, kom uit,' en 'n man wat vier dae dood was het daarnatoe gekom. Hy was 'n Mens toe Hy van die berg afgekom het, honger vir iets om te eet, na 'n boom gekyk het; maar toe Hy vyf broodjies geneem het, en twee, vyfduisend gevoed het, dit was die Skepper." Dis reg. Sekerlik.

179 In aksie, God in aksie! O, ek hou daarvan! Nie een of ander afgod nie, nie een of ander mitiese gedagte van 'n standbeeld vryf nie, nie een of ander totempaal nie, maar 'n ware, lewende God in aksie. Amen. Amen. Nie iets wat was nie. Iets wat net nou is. Klink dwaas, vir die wêreld. Maar, o, hoe genadig, vir die heilige wat dit glo. Hoe wonderlik! Sekerlik. Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

180 Julle weet, Hy was meer as 'n profeet, en tog was Hy 'n Profeet. Hy was 'n God-Profeet. Sien? Want, die profete was die Woord. Die Bybel het gesê die Woord het na die profeet toe gekom, en solank die profeet die Woord gespreek het, dat hy en God was . . . Die man het nie geweet wat hy doen nie. Hy het net die Woord van God gespreek. Sien? Sonder om te weet wat hy doen, het hy geprofeteer onder inspirasie. Sien? Dan, was dit nie die man se woord nie. Dit was God wat deur lippe gespreek het.

181 Nou, God het gekies om die mens te gebruik. Nou, Hy kon gekies het om die son te gebruik om die Evangelie te preek. Hy kon gekies het om die wind te gebruik om die Evangelie te preek. Hy kon die sterre gekies het. Hy kon enigiets gekies het wat Hy wou, maar Hy het die mens gekies.

182 En iemand gaan dit doen. Dis reg, iemand. As Hy net ooit vir Hom 'n mens kan vind, een mens wat Hy in Sy hand kan kry, sal Hy dit doen. Hy het so 'n moeilike tyd gehad, om een mens te vind.

183 Ek dink aan Simson. Hy het 'n man gevind met baie krag. En Simson het sy krag aan God toegewy, maar hy wou nie sy hart gee nie. Hy het dit vir Delila gegee. Sien?

184 God wil jou hart, krag, siel, liggaam, verstand, alles hê wat jy het. Dis die enigste manier waarop Hy jou kan gebruik, die hele mens gebruik. Ja.

185 Dis wat Jesus was. "In Hom het die volheid van die Godheid liggaamlik gewoon." Ons het Dit ten dele.

186 Want, toe daardie Vuurkolom neergedaal het by Pinkster, let julle op, het die Bybel gesê: "Verdeelde tonge soos Vuur het op hulle gaan sit." Wat was dit? Die Vuurkolom wat Self verdeel het, en Homself onder die mense verdeel het. Wat 'n genade! Sien? God in jou? Sien? God in Sy mense. Nou let op.

187 Iemand sê nou, in die kerk vanaand, sou dit sê. Mense vandag, as kon sê: "As ons net kon weet Hy is hier by ons. Is daar enige manier?"

188 Julle sien, hulle kon na Hom kyk. Nou, luister nou aandagtig, voor ons die gebedsry roep. Hulle kon na Hom kyk en sê: "*Daar* lê Hy, op die skuit. Nou, Hy's *daar*."

189 Nou, as ons net 'n manier gehad het om so-iets soos daardie te doen. As ons net iewers na Hom kon kyk, ons kon sê: "Daar is Hy, net *daar*."

190 Nou, maar Hy is so naby. Hy is selfs nader. "Want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld." Is dit nie reg nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hy's nader as wat Hy aan hulle was, want hulle moes oor die—die dek van die skuit gaan, en agter na die agterkant toe, en Hom wakker maak. Julle hoef dit nie te doen nie. O, goeiste! Sjoe! O! Ek voel nou godsdienstig. Ek het net baie goed begin voel, nou. O!

191 Hebreërs 13:8 sê: "Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." En Hy het weer gesê: "Kyk, Ek is altyd met julle, selfs tot die einde, die aandtyd." Daaroor gepreek gisteraand. "Teen die aandtyd, sal Ek steeds daar wees." Weer: "Ek sal julle nooit verlaat nie. Maak nie saak wat die skuit doen, hoeveel ruk en rol hulle doen, of enigiets anders nie, Ek sal met julle wees, met julle wees tot aan die endtyd, julle nooit verlaat nie."

Julle sê: "Hoe kan dit wees, Broer Branham?"

192 Johannes, die 12de . . . die 14de hoofstuk, die 12de vers, gesê dat Hy dit sou bewys. Sien? "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen."

193 Jy sê: "Ek wens jy kan bewys en vir my wys dat Hy net is wat Hy altyd was. As jy dit aan my kan bewys!"

194 Wel, *hier* is waar Hy uitgedaag het, die bewys. "Hy wat in My glo, die dinge wat Ek doen." Met ander woorde, jy sal 'n amateur Messias wees, Messiatjie. Dis presies reg. Want as Sy Lewe in jou is, is dit nie jy nie; dis Hy. Sien? En jy is bestem om Sy werk voort te sit. "Hy wat in My glo, Ek sal bewys dat Ek Messias is. En hy wat in My glo, sal dieselfde ding doen." Nou, daardie, Hy kan nie lieg, en wees wat jy dink Hy is, en wat ek weet Hy is, en jy ook glo Hy is, nie. Sien?

195 Weet julle wat Hy doen? Hy is hier vanaand, in afwagting om bewys te word. Dis reg. Weet julle wat ons behoort te doen? Ons behoort te maak soos hulle. Jesus wakker te maak in ons. Jesus wakker te maak in ons eie lewens: die God wat ons siele aan die brand steek met die Heilige Gees; die God wat hierdie blinde oë van my geneem het, hulle geopen het; die God wat my van 'n sterfbed af opgerig het. Die God wat ek die dooies sien terugbring het, na dood was vir ure; die dokters "dood" verklaar het, en 'n verklaring daarvan geskryf het, vyf verskillende kere. Maak daardie God wakker. Maak Hom wakker. Ons behoort Jesus te roep en Hom wakker te maak, en Hom op die toneel te roep. Ons het Hom nodig. Ja, meneer.

196 Dan, roep Hom, om Sy Woord te bevestig. As ons Hom wakker maak, Hom in beroering laat kom, in ons, tot jou eie vertwyfelings en verbouereerdheid verdwyn het. Nou, roep Hom aan en sê: "Here, U het belowe, 'n klein tydjie en die wêreld sien U nie meer nie. En ek is nie van die wêreld nie. U het gebid dat ek nie van die wêreld moet wees nie, en ek is nie van die wêreld nie. Ek is U s'n. En U het gesê: 'Die wêreld sien My nie meer nie, tog

sal julle My sien.' Uh-huh. 'U sal My sien.' Here, ek wil U steur. Ek wil U wakker maak, uit my eie sluimerende liggaam, my eie sluimerende hart, tot hierdie werklikhede." Maak Jesus wakker. "Kom na my toe." Dan sal die vertwyfelings en vrese ophou.

197 Al die verbouereerdhede en bekommernisse, van: "O, die dokter het *hierdie* gesê, en dat hy *hierdie* gaan doen. En ek—ek—ek weet nie wat ek gaan doen nie. Ek—ek . . ." Dit sal alles net ophou, want Hy's God. Hy spreek, en alles anders bly stil.

198 Nou, ons kan nog praat, met nog verskeie bladsye notas. Maar laat ek nou vir julle iets vra, want dis amper, omtrent tien minute voor nege. Natuurlik, dis twee ure vroeër as gisteraand, julle weet, ook. Maar, kyk, laat my dit sê, om sommer nou te stop, en ek kan dit op 'n ander tyd voltooi.

199 Kan God faal? [Gemeente sê: "Nee."—Red.] Sy Woord kan ook nie, want Hy is Sy Woord. "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon." "Nog 'n klein tydjie en die wêreld sal My nie meer sien nie, tog sal julle My sien. want Ek . . ." En "*Ek*" is 'n persoonlike voornaamwoord. "Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die voleinding, die einde van tyd. Aan die endtyd, sal Ek daar wees." Die Lig sal skyn aan die endtyd.

200 "Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid." Hebreërs 13:8 staan dit geskrywe. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Hebreërs 13:8, staan dit geskrywe. So, as dit geskrywe is, nou laat dit gedoen word. Amen. Moenie bang wees om Sy Woord op die proef te stel nie. Dis daar. Hy is hier. Die enigste ding wat jy moet doen, is om Hom wakker te maak. Jy . . .

201 Ons asem soveel van die ongefiltreerde gees in, soveel om ons te laat probeer om te herinner aan iets anders, en te wend na: "Ek's moeg. Ek—ek's te vermoeid. Ek het *hierdie* sien gebeur." Waarom verwys jy na een of ander mislukking? "Ek sal jou neem na . . ." Gesê: "Ek ken iemand, wat God vertrou het, en gesterf het."

202 Ek ken miljoene, terselfdertyd, wat gesterf het onder die dokter se sorg. Sien? Sekerlik. Sekerlik. As die dokter alles gedoen het wat hy kan doen, het jy niks anders as om God te vertrou nie, en as jy dit sal glo.

203 Nou, jy kan nie net sê: "Wel, ek—ek gaan Hom vertrou nie. Dis nie dit nie. Dis, dit regtig doen. Dis nie dit nie.

204 Jy moet Hom steur, totdat jy Hom sien inkom. Kan ons gebede Hom nie versteur nie? Kan ons gebede Hom nie uit Sy rus wakker maak, Hom op die toneel bring nie? Hulle het. Hulle het uitgeroep: "Here, ons vergaan," en Hy het inbeweeg op die toneel. Nou kan ons dieselfde ding doen. Nou, glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

Kom ons bid dan.

205 O Here, hierdie eenvoudige gedagtetjie: "Maak Jesus wakker." Here, ons het—ons het Sy Gees en Sy geloof vir so lank nie gebruik nie, tot dit, as't ware, eenvoudig aan die slaap raak, in ons siele. Laat ons onsself skud vanaand. Laat ons onsself wakker maak en ons sluimering van ons af wegkry, dat ons kan sien dat Hy steeds in die skuit is.

206 O Here, vandag het ek probeer om my siel te skud. Ek het geweet ek moet voor 'n klein groepie mense staan hierbo vanaand. En ek skud myself. Here Jesus, word wakker, kom voort. Ek het U Woord buite voor die mense geplaas. Dis voor 'n toets geplaas. Bewys aan hierdie gehoor vanaand, Here, dat U steeds lewe, dat U steeds hier by ons is. U Woorde is waar: "Ek is altyd met julle, selfs tot aan die einde van die wêreld." U is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. U is steeds in die skip, Here, die ou skip van Sion wat ons oor die ontstuimige seë dra. En wanneer die duiwel 'n storm op ons afstuur, watter verskil maak dit, solank Hy in die skip is? Wees met ons nou, Vader. En mag U reg in die harte van die mense instap vanaand.

207 Mag U instap in my hart, siel, liggaam, gedagtes, oë, lippe. En laat hierdie toewyding, van myself, 'n bevestiging van U Woord wees, wat U belowe het in Johannes 14:12. "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal jy ook doen."

208 Laat dit dan wees, na die gehoor gaan, dat hulle dit op *hierdie* manier kan glo: "'n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien." En wanneer ons in hierdie Hemelse plek sit vanaand, in Christus Jesus, manifesteer Uself, Here. Dis U belofte. U woorde sal nie faal nie. En dan, natuurlik, laat dit dan wees op die grondslag van die geloof van die mense, dat hulle U dan kan ontvang. Dis al wat ons kan doen.

209 Ek bid, God, dat U die heerlikheid vir Uself sal ontvang. Ek gee hierdie gehoor, die Boodskap, die Saad wat gesaai is. Mag die Heilige Gees inkom, Sy lig skyn. Soos ek gesê het van die saad van daardie klein Samaritaanse vroutjie; mag, vinnig, sodra die Lig flits, mag die gelowige dit sien. Mag die siek man dit sien, die siek vrou, seun, of meisie. En diegene wat begeer vir ander, mag hulle Dit vinnig sien, en genees word. In Jesus se Naam. Amen.

Glo julle nou? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

210 Nou, ek glo . . . Gebedskaarte? Wel, ek sal probeer. Ek kan nie meer as net 'n paar op 'n slag bring nie, so kom ons begin hulle naderbring, 'n paar mense, om vir hulle te bid. En nou, ek weet dis baie beknop.

211 Sit net stil, predikerbroers. Ek sal net hier terugstaan, daar teenaan. Neem julle—julle plek hier in. Goed.

212 Nou, moenie twyfel nie. Glo. Sal julle dit doen? "Alle dinge is moontlik vir hulle wat glo." Dis reg. "Alle dinge is moontlik vir

hulle wat glo." Goed. Nou, julle moet glo. Julle moet glo dat God se Woord die Waarheid is. Goed. Nou kom ons . . .

213 Hoeveel kan ons hier laat staan op 'n keer, omtrent agt, tien? Goed.

214 Kom ons begin van nommer een af, en nommer een tot omtrent tien of vyftien kry, A. A, nommer een tot vyftien. Wie het gebedskaart A, nommer een?

215 Ek sien daar is beide Spaans en Indiaans hier vanaand. Hulle mag dit dalk nie kan verstaan nie.

216 Goed, hier kom een vrou, reg hier oorkant. Nommer twee? Net hier. Uh-huh. Net *hier* oorkant. Ja. Net hier. Goed. Nommer twee. Drie, nommer drie? Goed, net *hier* oorkant, as jy sal. Nommer vier, vyf, ses, sewe, agt? Iemand neem die klein seuntjie daar, sodat daar nie op hom getrap word nie. Agt, nege, tien. Nou, omtrent tien. Goed. Ons sien hoe ons soort van . . . O, ons is . . . Ek weet nie. Ek mag—mag te veel hê nou. Goed. Tien. Dis alles reg. Laat hulle reg soos daardie oplyn. Dis goed.

217 Hoeveel glo nou met julle hele hart? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Nou, ons het nie te veel hier nie, tien. Elf, twaalf, dertien, veertien, vyftien. Goed.

218 Nou, elkeen, ek wil hê julle moet baie eerbiedig wees. Nou, ek het presies 'n uur, of 'n bietjie langer, gepreek. Wat ek sê beteken niks as God dit nie ondersteun nie. En as Hy dit nie ondersteun nie, sien, is die Woord steeds reg, ja, maak nie saak of Hy dit doen of nie. Hy het dit voorheen gedoen, sien, en Hy het my nog nooit gefaal nie. En ek—ek weet Hy sal nie, want Hy het gesê Hy sal nie. Sien? En ek—ek weet dat Hy dit sal doen. Maar ons moet dit glo. Met ons hele hart, moet ons dit glo. Nou, sover ek weet . . .

219 Ek wil hê julle in die gebedsry, moet hiernatoe kyk, almal wat in die gebedsry gaan wees. Ek—ek glo dat elkeen van hulle vreemdelinge is vir my. Ek glo almal van hulle is vreemdelinge. As dit reg is, steek jy net jou hand op. As ek julle almal glad nie ken nie, steek net julle hande op soos *daardie*. Goed. Sien? Nou, ek ken nie daardie mense nie. Hulle, daar's nie baie hier . . .

220 Ek ken sommige in hierdie rye *hier*buite. Ek's nie seker nie. Ek dink hierdie is Broer Noel se vrou. Ek's nie seker nie. Dit was 'n lang tyd.

221 En so, hoe gaan dit met Broer Johnson? Ek dink hy het 'n beroerte gehad, het hy nie? O, goeiste! Sê wat? Is dit reg? Seën haar hart. Daardie mense was soos vader en moeder vir my, toe ek die eerste keer begin het in die diens, hierdie groep Arkansas mense. Ek sal Arkansas nooit vergeet nie. Nee, meneer. Ek was nog nooit in 'n diens iewers, waar daar nie baie "Arkies" was nie. Hoeveel is hier vanaand, steek julle hande op, van Arkansas af? Nou, die res van hulle is van Oklahoma, so julle kan net daarop staatmaak. Sien? Dis hoe dit gaan. Maar ons is almal

oppad na die Hemel toe, sien: "sit saam in hemelse plekke in Christus Jesus."

222 Suster Jones en Broer Jones, jare gelede toe ek na julle kerk toe gekom het, ek glo dit was Moark. Was dit nie? En julle onthou toe ek soontoe gekom het, die enigste manier wat ek gehad het om die mense se probleme te vind was deur . . . Julle sou hulle daar oplei op die platform en hulle sou hulle hand op myne lê, en dan sou ek net 'n minuut daar wag. En dan, nie my eie stem probeer gebruik nie, en Dit sou spreek, sê: "Gewas, katarak." En ek het vir julle gesê daar sou 'n tyd kom dat, Hy vir my daarbo gesê het, as ek opreg sou wees, dan sou ek die einste verborgenheid van hulle hart ken. Sien? Dis reg. Hoeveel onthou dit, toe ek die eerste keer na Phoenix toe gekom het? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed. Het dit gebeur? ["Amen."] Sien?

223 Nou, onthou. Hou hierdie bandopname dop. Ons stap nou net 'n bietjie hoër op. Sien? Dit gaan reguit aan verder op, 'n bietjie hoër. Onthou dit. Onthou net—net. Sien?

224 Nou, ons wil Jesus sien. Ek wil Hom sien. Nou, ons weet dat Sy liggaam nie sal terugkeer na die aarde totdat Hy kom vir die Kerk nie, want dit moet Daar bly vir 'n offerhande. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dit moet op die altaar wees. Hy sit op die Troon van God, vanaand. En dit moet daar bly, want, deur Sy wonde, Hy is die Offerhande, en die Offerhande is op die altaar. Sien? En Sy liggaam kan nie kom nie. Maar Sy lewe het teruggekeer, wat in Christus was, het teruggekom op die kerk, in die vorm van die Heilige Gees. En die Heilige Gees . . .

225 Dit was in elk geval nie daardie liggaam wat dit gedoen het nie. Hy het gesê: "Dis nie Ek wat die werke doen nie. Dis My Vader wat in My woon, Hy doen die werke." Nou, ons glo dit. Glo ons nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

226 Nou, as ek vir julle gesê het die gees van 'n rampokker is in my, sou julle van my verwag om groot gewere te hê, en gemeen te wees. Sien? Die gees van 'n kunstenaar, sou julle verwag dat ek 'n kwas sou neem en skilder.

227 As ek julle vertel: "die Gees van Christus," dan sal dit die werke van Christus doen. "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen . . . " Net soos om die lewe uit een wingerdstok in 'n ander een in te sit, dit sal die—die vrug van die lewe dra wat in die wingerdstok is.

228 Nou, ek weet nie dat Hy dit sal doen nie. Ek kan dit nie sê nie. Maar as ek, deur 'n gawe . . . Nou, help nie om dit te probeer verduidelik nie. Ek kan nie.

229 Maar baie van julle weet ek was rondom die wêreld, was baiekeer oor gewees. Voor 'n halfmiljoen mense, op een keer, vyfhonderdduisend mense. Soveel verskillende tale gesien, ek moes neerskryf wat ek gesê het, om te wag dat dit deur nog vyftien tolke gaan, dan terugkom na die ding wat ek gesê het.

En daardie Gees van God reg daar sien afgaan en net dieselfde ding doen wat dit hier doen. Sien? Sien? Alle nasies, tale, sonder 'n verskoning.

230 Nou, onthou, dit sal nie na almal toe gaan nie. Toe Jesus op die aarde was, het nie meer as een derde van die Joodse ras ooit geweet Hy was op die aarde nie. Julle weet dit. Hy het na die Uitverkorenes toe gekom, en hulle het Dit ontvang. Dis reg. Dis waarheen die Gees gaan vanaand, na die Uitverkorenes.

231 Nou, as jy kan glo dat Jesus gesterf het vir jou sondes, en Hom aanvaar het as jou Verlosser, en Hy het jou lewe geneem en dit weer oor gevorm, dan, onthou: "Deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Sien? Nou, jy was. Jy is alreeds genees. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Nou, die Bybel het gesê: "Het daar." Is dit reg? ["Amen."] Nie "sal daar" nie. Ons, alreeds. Ons, alreeds.

232 Die hele sondevraagstuk is opgelos toe Jesus gesterf het op Gólgota. Glo jy dit, broer? [Die broers sê: "Amen."—Red.] Sien? "Hy's die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem." Nou, dit sal jou niks help totdat jy jou vergifnis aanvaar nie. Sien, jy moet dit aanvaar. En jy moet jou genesing ook so aanvaar.

233 As 'n man verbykom, sê: "Ek sal jou genees," nou, hy's verkeerd. Dis teenstrydig met die Skrif. Hy kan jou hier wys waar Jesus dit vir jou gedoen het, en dis gebaseer op jou geloof. God kan nooit niks doen . . . God kan nie teen jou geloof werk nie. Jy moet dit glo.

234 Nou, Jesus, toe Hy na Sy eie mense toe gekom het, luister wat die Bybel gesê het. "Baie groot werke kon Hy nie doen nie, as gevolg van hulle ongeloof," nadat Hy Homself as Messias gewys het. Nou, Hy het dit bewys in daardie dag, Hy was Messias.

235 Mag God my help om my gees op so 'n wyse te verneder, dat ek kan bewys dat Hy steeds Messias is; dat, dieselfde God wat op die aarde was, 'n—'n sterflike liggaam kan neem, wat oorgegee is aan Hom, en daardeur kan werk presies soos Hy belowe het om te doen. Sou dit nie oortuigend wees nie? Sou dit nie wys dat Hy—Hy nie aan die slaap is nie? Hy's wakker. Hy's gereed vir jou om Hom tot aksie te roep.

236 Nou, wat van my wat hier staan, vanaand, wat moet ek doen? Daar is honderd-en-vyftig mense hier, reken ek, so-iets. Of dit honderd-en-vyftig is, of dit een—een persoon is, vyfhonderdduidend was, maak geen verskil nie. Net dieselfde. Sien?

237 Nou, as enigiemand dink dit is vals, en nie reg nie, vra ek jou om op te kom en my plek in te neem en dieselfde ding te doen. Uh-huh. Ja. Sien? Julle weet beter as om dit te probeer. Uh-huh. Sien? Let op. Maar, nou, God moet bewys of Hy reg is of nie. Nou, as die Here God . . .

238 Is hierdie een van die . . . Gee vir daardie seun jou kaart daar. Kom hier. Hier is 'n dame, baie jonger as ek. Ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie. Ek veronderstel ons is vreemdelinge vir mekaar? Dis reg. Ons ken nie mekaar nie.

239 Nou, wanneer julle huistoe gaan, lees julle Johannes, die 4de hoofstuk, en vind julle uit of hierdie nie, selfs 'n klein ronde plekkie is . . . Enigiemand ooit in Palestina, daarbo by—by Sigar? Daardie klein putjie is steeds daar waarby daardie vrou was; klein ronde plekkie, rankplante daarom. En Jesus het oorkant teen die muur gesit toe die vrou nadergekom het. Hy het gestaan bo by 'n klein panorama toe die vrou opgekom het uit die straat hieronder, opgekom en die water gekry het, die onderpunt van die straat. En sy het nadergekom daar. En nou het Hy 'n gesprek gevoer met haar totdat Hy gevind het waar haar probleem was, toe het Hy vir haar gesê wat haar probleem was.

240 En toe Hy dit gedoen het, het sy vinnig gesê: "Meneer, U moet 'n profeet wees, sien, want U . . . " Hy moes hê . . . Dan, as Hy 'n profeet was, was dit die Woord van God wat na Hom toe gekom het. Maar sy het gesê: "Ons weet ons soek na die Messias. En wanneer Hy kom, dis wat Hy sal doen." Hoeveel ken daardie Skrif? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dis die Skrif.

241 Nou, hier is my hand oor die Bybel. Ek, sover ek weet, het ek die vrou nog nooit in my lewe gesien nie. En sy sê ons is totale vreemdelinge vir mekaar. Nou, die Woord moet óf reg óf verkeerd wees. Reg. Dis óf reg óf verkeerd. Ons kan dit nie enigiets anders maak nie.

242 Nou, dame, net om 'n oomblik met jou te praat, soos ons Here het met die vrou . . . As Hy vir my kan sê . . .

243 Nou, as ek vir jou sou sê: "O, natuurlik, jy het 'n gebedskaart gehad. Jy het hier opgekom. Jy's siek." Sien? Wel, dan as ek sou sê: "Prys God," my hande op jou lê. "Prys God, jy gaan gesond word." Dis alles reg, niks daarmee verkeerd nie. Dis presies wat om te doen. Sien? Dis reg.

244 Die Bybel het gesê: "Hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Dis waar.

245 Maar nou, jy kan jou kop krap en studeer: "Het hy vir my reg gesê? Gaan ek gesond word?"

246 Nou, wat as—as die Iets wat jou lewe ken, wat jy was, wat jy gedoen het, en, of wat verkeerd is met jou, soos Hy vir daardie vrou gesê het wat haar probleem was? En as Hy vir jou daardie dinge kon vertel, wel, sekerlik as Hy geweet het wat was, weet Hy wat sal wees. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sekerlik.

247 Nou, as die vrou siek is . . . Sy mag staan vir iemand anders. Dit mag siekte wees. Dit mag finansiële probleme wees. Dit mag huislike probleme wees. Ek weet nie. Ek kan jou nie sê nie. Dis waar. Sien? Maar wat dit ook al is, as Hy dit sou sê, sou sy weet

of dit waarheid was of nie. Sy sou dit weet. Jy sou weet of dit was of nie. En dan, as dit verkeerd is, dan was dit nie die Gees van God nie, want die profeet het so gesê, en sy profesie was verkeerd. Maar as dit reg is, dan was dit die Gees van God. Sien?

248 Nou, sou dit ons nie vertroos en ons wonderlik laat voel, as ons geweet het dat Jesus hier was by ons vanaand nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sou dit julle geloof gee? ["Amen."] Sien? Sekerlik.

249 Nou, om die vrou te genees, ek kon dit nie doen nie. Ek—ek kan dit nie doen nie. Dis alreeds gedoen. Sien? Sien? Dis gedoen, en nou gebaseer op haar geloof om dit te glo. Nou, as Hy Self hier gestaan het, met hierdie pak aan, kon Hy haar nie genees nie. Hy sou sê Hy het dit alreeds gedoen. "As julle kan glo, sien, dat Ek dit gedoen het, is dit alles verby." Sien? Dis reg. Sien?

250 Maar, nou, enigste ding wat Hy kon doen, Hy kon bewys dat Hy steeds Messias was, daardie God-Profeet wat sou kom. En Hy het belowe dat Sy dissipels dieselfde ding sou doen, so daar het julle dit. Sien? Dit bring dit reguit terug na die Skrif. En dis Skrif, broers. Ek weet dis heeltemal teenstrydig met moderne geloof, maar dis God se geloof. Dis God se manier, want Hy het so gesê. Daar's die Skrif om self te lees. Hulle probeer dit net verdraai en iets anders daaruit maak.

251 Nou, ek wil vir jou iets vra. Die vrou is 'n gelowige. Ek wil . . .

252 Iets sal gebeur. Onthou julle net, iets sal gebeur. Nou, as dit sal, hoeveel gaan dan aanvaar en sê: "Dit het dit afgehandel vir my"? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sal jy dit glo, dame? Glo julle dit, *daar* oorkant? Glo die res van julle dit? ["Amen."] Laat God die beoordelaar wees.

253 Nou, net toe ek daardie gesê het, hoekom ek dit gesê het. Hoeveel het al ooit die Lig gesien, daardie foto van daardie Lig, daardie Engel van die Here? George J. Lacy, julle weet. Sien? Goed. Daardie Lig is reg tussen my en haar, nou. En dis verwelkomend. Ek weet sy is 'n gelowige. Dis reg.

254 Waaroor jy wil hê ek moet vir jou bid: sere, sere op jou liggaam. Nog iets, dis net komplikasies. Jy het soveel dinge. Maar, wag 'n oomblik. Ek's in kontak met jou gees. Jy's gereed vir 'n operasie. Dis reg. Gaan 'n operasie ondergaan. Nou, Hy het gesê dit was in die galblaas. Dis reg. Nou wat dink jy? God seën jou. Glo net. Dis reg. Amen.

255 Is Hy nie Christus nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Nou ondervra die dame as julle wil. Dis . . . Sien?

256 Nou, dis Hy gister, vandag, en tot in ewigheid. Sien? Julle geloof het Hom nou wakker gemaak. Sien? Hy's op die toneel, om dinge te doen om julle te help, om julle te seën, en om vir julle daardie dinge te gee wat julle verlang om te hê.

257 Nou, daardie een visioen het my swakker gemaak as daardie uur-en-half lange preek. Sien? En jy voel net jouself bewe, weggaan. Sien? Eerlikwaar, hierdie is die eerste keer wat ek 'n diens gehad het . . .

258 Nou die aand, het die Heilige Gees getref, oorkant in 'n kerk, ek weet, en Dit het drie of vier mense geroep. En toe dit het, het hulle net nie vinnig reageer nie, en toe was Hy bedroef. Hy het net weggegaan, sien, en my net daar gelos. Julle moet—julle moet Hom terug antwoord. Ja, meneer. Onthou net, Hy is nie verleë oor jou nie; jy is, oor Hom.

259 Ons is vreemdelinge vir mekaar. [Die suster, sê: "Ek het jou een keer gesien."—Red.] Jy het my een keer gesien. ["Ja."] Hier in Arizona? ["Ja. Ek was . . .?. . . in die gebedsry."] In 'n gebedsry. Hoe lank gelede was dit? ["Dit was óf in '54 óf '55."] Ja. Lang tyd gelede. Ja, meneer. ["Ek's nie seker wanneer nie."]

260 Ek onthou die langste gebedsry wat ek ooit in my lewe gehad het, was hieronder in Phoenix, een middag. Oor . . .

261 Ek vergeet die naam van daardie kerk. Daar was 'n . . . Was altyd, 'n klein, kort kêreltjie wat die kerk gehad het. Ek vergeet wat hy . . . Baie groot kerk, hier in Phoenix. Was dit Fuller? Nee. Broer Fuller, ek ken hom. Sê wat? Ek onthou Garcia. Maar hierdie is 'n baie groot kerk daar oorkant waar Dr. Sutton die pastoor was, of iets. Wat was die naam van daardie groot kerk daar oorkant? Dis een van die grootste volle Evangelie kerke in die land. [Iemand sê: "Faulkner."—Red.] Faulkner, dis reg. Dis reg, Faulkner, oorkant by sy kerk.

262 Onthou julle daardie ry? Ek het daardie middag begin, aanhou bid tot middernag daardie aand, dink ek was dit. Net kon- . . . Net hande gelê op die mense, ek het so swak geword, ek kon nie eers meer beweeg, kwalik nie. Sien?

263 Dit was voor visioen gekom het. Dit sou kom, maar net min, nou en dan. En dan partykeer wanneer ek alleen was, sou Hy my iets vertel wat sou gebeur. Ek sou julle almal kom vertel dat Hy vir my gesê het iets gaan gebeur. Dit het altyd gebeur. Het dit nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ja. Nou, wat sê Dit? "Glo dit." God bevestig dit. Sien?

264 Nou, die dame, wat baie jare gelede was, ek reken ek het vir twee-en-'n-halfmiljoen mense gebid, of miskien, van toe af, julle weet, om die wêreld. Mag meer as daardie wees. Maar ek—ek sou nooit weet wie, van jou, of niks daarvan nie. Maar nou het die Bybel gesê, dat, eenkeer . . .

265 En, terloops, daardie duisternis, wat oor daardie vrou was, het haar verlaat. Dis reg. Uh-huh. Ek weet. Jy voel anders, voel jy nie? As jy net daardie geloof behou, dis al wat dit verg. Nou, vul dit met vreugde en geloof. Want, dit sal terugkom met vyf ander, of sewe ander, erger. Sien? Bly net daar en sê: "Ek glo. Dit het dit afgehandel."

266 Nou, ons wat vreemdelinge vir mekaar is, ek sou net sê, vir twee getuies. Die Bybel het gesê: "In die mond van twee getuies, of drie," glo ek was dit. Was dit nie? "Twee of drie getuies, drie getuies, laat elke woord bevestig word."

267 Ek beoog om die res van my tyd hieronder, as ek kan, met gebedsrye te spandeer. So, ek wil nie te veel tyd met onderskeiding opneem nie. Net sodat julle sal weet.

268 Terloops, daardie dame wat daar oorkant sit, wat floutes kry. Hulle sal nie meer met jou gebeur nie, as jy dit net sal glo. Sê vir my wat sy aangeraak het. Ek—ek het daardie Lig gesien sirkel hier en reguit oorgaan in daardie hoek. Ek het die vrou haar kop sien vashou, soos *hierdie*, in die visioen, wat heen-en-weer beweeg, soos *daardie*. Uh-huh. Sien? Wat het sy gedoen? Sy het Sy kleed aangeraak. Nie . . . Die Bybel het gesê, dat: "Hy's die Hoëpriester" (is dit reg?) "wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede." Dis wat sy gedoen het. Sien hoe vinnig sy reageer het? Daar het dit gebeur. Sien? Glo net. Nou, dit behoort dit alles af te handel. Dit maak dit die waarheid.

269 Nou, julle sien waarom ek nie verder in die ry afhardloop nie. Probeer net myself terughou, soveel, want ek wil nog 'n ry môre-aand hou. Maar net dat julle sou sien dat Hy op die toneel kom. Dis Hy. Dit kan nie ek wees nie. Ek het nog nooit in my lewe daardie vrou gesien nie; weet niks van haar af nie. Sien?

270 Dis so eenvoudig, dat die groot intelligente mense van vandag, reg bo-oor sulke eenvoud steier. Sien? Dit is waarom hulle dit mis. Hulle probeer dit uitdink. Jy kan dit nie uitdink nie. Jy glo dit. Jy glo dit net.

271 Daardie Indiaanse meisie, wat hoofpyne kry, as sy dit net sal glo, sal dit haar ook verlaat. Ek het haar nog nooit gesien nie. Sy's nie eers . . . Sien? Sien?

272 Raak Hom aan. Raak Hom net aan, eenkeer, en vind uit of dit nie reg is nie. Sien?

273 Daardie mense is vreemdelinge. Vra vir die dame. Ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie. Dis waar, voor God, sover ek ooit geweet het. Sien? Sien? Hy's op die toneel, as jy Hom kan glo. Maar moet net nie daaroor twyfel nie; glo dit. Dit sal iets vir jou doen as jy dit sal glo. Hy sal jou genees. Almal van julle kan genees word as julle dit net glo.

274 Julle sien, hier staan 'n vrou op die platform. En die Heilige Gees wat daarbuite deur die gehoor beweeg, die mense genees, wys dat Hy oral is, alomteenwoordig, alwetend, en almagtig. Amen. Glorie! Maak Jesus wakker, binne-in jou. Laat Hom wat in jou inkom, in die vorm van die Heilige Gees, deur jou beweeg.

275 Ek ken jou nie, maar God ken jou wel. Die Here God iets aan my kan openbaar waarvoor jy hier is. Jy sou my glo, sou jy nie?

Goed. Kyk jy na my. Ek—ek bedoel dit, soos Petrus en Jakobus, julle weet, gesê het: "Kyk na ons." Net om jou te kry vanaf . . .

276 Dit kom net van oral af. Ek glo daar gaan 'n ware genesingsdiens binne 'n paar minute wees. Sien? Sien? Sien?

277 Een ding, jou oë pla jou. Jy raak amper blind. Senuwees in die oë gaan dood.

278 Die eerste keer, wat ek dit gevang het, in 'n lang tyd. Iemand het gesê: "Hy het dit geraai." Ek het nie. Ek het nie. Nou, onthou, ek vang julle gedagtes hier deur die Heilige Gees.

279 Kom ons kyk of ek dit geraai het. Kyk hier, suster. Jy's 'n gelowige. Jy het probleme met jou bors; kanker, velkankers op die agterkant van jou nek. Nou, glo jy God sal dit wegneem? [Die suster sê: "Ja, meneer."—Red.] Uh-huh. Wil jy teruggaan oorkant na New Mexiko, waar jy vandaan kom, in die geloof dat God jou genees het? Goed, Mev. Watkins, gaan terug . . .?. . . soontoe. Word genees in die Naam van die Here Jesus Christus.

Julle kan glo. Hê net geloof.

280 Ons is vreemdelinge vir mekaar. Jy het my in die dienste gesien. Maar, ek bedoel, om jou te ken, net om te sê ek ken jou, ek kan nie.

281 Nou, net 'n bietjie. Ek's ver oor my tyd daar, maar sekerlik weet julle Hy's hier. Hierdie een vrou wat hier staan, weer, dan sal ons—sal ons vir hulle bid. Ek dink dis ten minste drie. Is dit nie? O, ja. Dis alles buite deur die gehoor, dan.

282 Ek het geen idee nie. Jy lyk sterk en gesond, vir my. Ek ken jou nie, maar God ken jou wel. Maar daar's iets op jou hart. Dis iets wat jy begeer. En dis vir iemand anders. Ek sien 'n jong man, nee, twee jong mans. Hulle is jou seuns. Nee, een van hulle is 'n seun, en die ander een is 'n skoonseun. En hulle het albei maagprobleme. En hulle het albei swart skaduwees oor hulle. Hulle is, albei, sondaars. Dis SO SPREEK DIE HERE. Glo jy nou?

Hoeveel sal saam met haar glo? Kom ons bid.

283 Here Jesus, ons glo U nou vir hierdie versoek, vir ons suster. Ek seën haar in U Naam. Mag sy gaan en ontvang waarvoor sy gevra het, tot U eer. Amen.

284 Glo julle almal nou met julle hele hart? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

285 Nou, kom hiernatoe. Glo jy Hy kan vir my sê wat verkeerd is? Sou dit nie goed wees, as daardie ou asmatiese probleem sou weggaan, en jy kon huistoe gaan, gesond wees nie? Wel, as jy dit glo, sal dit so maak.

286 Praat Engels? Hartprobleem, maagprobleem. Glo die Here Jesus en dit sal jou verlaat. Amen. Goed.

287 Kom, dame. Praat Engels? Moeilik om asem te haal; asma. Gaan, glo. Haal asem! Glo dit, in die—in die Naam van die Here Jesus.

288 Kom. Praat Engels? Glo jy dat ek God se profeet is? Jou probleem is in jou rug. Glo! Sal jou nie meer pla nie.

289 Glo jy dat ek Sy dienaar is? Jy word gepla deur artritis. Ek sien hoe jy uit die bed uit probeer klim. Jy kan dit skaars doen, in die oggend. Gaan, glo, en jy sal dit nie meer hoef te doen nie, en jy sal gesond gemaak word.

290 Glo julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Julle hele hart? ["Amen."] Maak Jesus wakker, binne-in julle nou. Christus is hier. Hy's op die toneel. Glo julle almal dit? ["Amen."]

291 Nou plaas julle hande oorkant op mekaar. Lê net julle hande oorkant op mekaar nou.

292 Ek gaan 'n Skrif aanhaal. Jesus het gesê: "Gaan in die hele wêreld in," Tempe, Arizona: "verkondig die Evangelie. Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg. In My Naam sal hulle duiwels uitdryf; met nuwe tale spreek; slange opneem of iets dodeliks drink, sou dit hulle geen skade aandoen nie. Op siekes sal hulle hulle hande lê, en hulle sal gesond word."

293 Nou, met Jesus teenwoordig nou, as julle glo Hy is teenwoordig, sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dieselfde Gees wat in Jesus Christus was, is hier in hierdie kerk vanaand.

294 Nou, bid jy vir die persoon waarop jy jou hande het. Bid net hardop, sê: "Here God, genees hierdie persoon." Hulle bid vir jou.

295 Here Jesus, ek bid, God, dat U U krag en Gees oor hierdie gehoor sal stuur, oor hierdie vroutjie hier, Here, met hierdie masker oor haar gesig. Ek bid dat U hulle sal genees, Here. Mag die duiwel, die storms, stilgemaak word, en die krag van God hierdie gehoor oorneem en elke bose mag en ongeloof uitdryf.

Maak Jesus Wakker AFR63-0117
(Awakening Jesus)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Donderdagaand, 17 Januarie 1963, by die Volle Evangelie Kerk in Tempe, Arizona, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2017 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org